



vkb

# JAARVERSLAG

2016

# Geografiese teenwoordigheid




## BEDRYFSPUNTE

### VKB-GEBIED

| | |
|---|---|
| Handelstakke | 22 |
| Meganisasietakke | 6 |
| Graansilo's | 13 |
| Bandediens | 1 |
| Mieliemeule | 1 |
| Koringmeule | 1 |
| Versekering | 9 |
| Saadverwerking | 1 |
| Braaikuikenabattoir | 1 |
| Veevoerfabriek | 1 |
| Oliepers | 1 |
| Hoofkantoor: Reitz | |

### NTK-GEBIED

| | |
|---|---|
| Handelstakke | 25 |
| Handelsdepots | 9 |
| Meganisasietakke | 4 |
| Graansilo's | 9 |
| Meeldepots | 28 |
| Meulens (mieliemeel) | 3 |
| Verpakkingsaanleg | 1 |
| Koelkamer | 1 |
| Kantoor: Nylstroom (Modimolle) | |








## PROFIEL

VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB") is 'n landboubesigheid wat op die hantering en opberging van graan, verskaffing van produksie-insette aan hoofsaaklik landbouprodusente, sowel as marktoegang vir landbouprodukte gefokus is.

Die maatskappy is strategies gekoppel aan die verskaffing van waardetoevoegende dienste, wat onder meer finansiering, versekering en landboutegniese dienste insluit.

VKB bedryf hoofsaaklik besigheid in die Oos-Vrystaat en Limpopo. Die hoofkantoor is op Reitz geleë. Hierdie maatskappy vorm die basis van die landbouvertakking binne die VKB Groep, wat ook verskeie ander entiteite in die landboubedryf huisves waarin die maatskappy belange hou.

Die VKB Groep het ook 'n nywerheidsvertakking met belange in 'n aantal entiteite wat in die verwerking van landbouprodukte spesialiseer en geïntegreer is om die sinergie binne die Groep te optimaliseer.





# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Geografiese teenwoordigheid | 1 |
| Profiel | 2 |
| Landbouwaardeketting-betrokkenheid | 4 |
| Groepstruktuur en strategiese visie | 6 |
| Vyfjaaroorsig van Groep | 7 |
| Finansiële hoogtepunte | 8 |
| Raad van Direkteure | 10 |
| Voorsittersverslag | 12 |
| Bestuursoorsig | 15 |
| VKB Uitvoerende Bestuur | 19 |
| Landbou-verslag | 20 |
| Nywerhede-verslag | 22 |
| Korporatiewe Beheer-verslag | 24 |
| Sosiale- en Etiekkomitee-verslag | 28 |
| Oudit- en Risikokomitee-verslag | 33 |
| Direkteure se verantwoordelikhede en goedkeuring | 34 |
| Direkteure se verslag | 35 |
| Gekonsolideerde staat van finansiële posisie | 37 |
| Gekonsolideerde staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste | 38 |
| Gekonsolideerde staat van kontantvloei | 39 |
| Korporatiewe inligting | 40 |

# Landbouwaardeketting-betrokkenheid

VKB is 'n Suid-Afrikaanse landbou-onderneming met 'n unieke visie, wat op samewerking met belanghebbendes gegrond is. Dit het gaandeweg in die dinamiese mobilisering van 'n uiteenlopende verskeidenheid van interaksies in die landbouwaardeketting ontwikkel.



### INSETHANDEL

1 'n Omvattende reeks primêre insette wat insluit saad, kunsmis, verpakkingsmateriaal en brandstof wat aan produsente beskikbaar gestel word. Hierdie reeks is gaandeweg uitgebrei om ook veevoer, staal, besproeiing, boumateriaal en algemene benodighede in te sluit.



### MEGANISASIE


2 VKB en NTK bestuur die New Holland- en Case-agentskappe in hul onderskeie bedieningsgebiede en meer as 7 000 verskillende onderdele is by die 10 verkooppunte beskikbaar.



### LANDBOU-ONTWIKKELING

3 VKB lewer 'n volledige agronomiese adviesdiens aan produsente, wat op die volgende boerderybestuursaspekte fokus: finansiële bestuur, lewendehawebestuur, gewasbestuur en administrasie van arbeid. Daarbenewens bestuur VKB 'n uitgebreide ontwikkelingsprogram vir opkomende boere.

## PRIMÊRE LANDBOU



### GRAAN

4 Graan behels die volgende: graanhantering, graanopberging en graanbemarking.



### WAARDETOEVOEGING (NYWERHEDE)

5 Waardetoevoeging behels die volgende: Braaikuikens, 'n oliepers, mieliemeulens, 'n koringmeule, veevoere, saadverwerking en verpakkingsmateriaal.



### LOGISTIEK

6 Die VKB Groep beskik oor 'n uitgebreide vloot voertuie wat optimaal binne die Groep aangewend word om sinergieë tussen die departemente en filiale te benut en sodoende koste te bespaar.



### FINANSIERING EN VERSEKERING

7 Die VKB Groep bied 'n verskeidenheid finansieringsprodukte wat deel is van die Groep se kern strategiese funksie om produsente in staat te stel om hul produksie-insette te bekom ten einde winsgewend en volhoubaar te kan produseer. VKB beskik oor sy eie versekeringsagentskap wat onder andere oesversekering, bateversekering en multirisikoversekering aan produsente en die algemene publiek bied.



### KOMMERSIËLE DIENSTE (KLEINHANDEL)

8 VKB en NTK se kleinhandelsafsetpunte huisves 'n uiteenlopende reeks produkte wat in die behoeftes van produsente en die algemene publiek voorsien. Die 56 kleinhandelsafsetpunte bestuur meer as 35 000 lynitems, wat deurentyd vir relevansie en ontwikkeling hersien word.

# GRAAN-WAARDEKETTING



## GRAANHANTERING

VKB en NTK hanteer mielies, sojabone, koring, sonneblom en graansorghum.



## GRAANOPBERGING

22 strategies geleë silokomplekse in VKB en NTK se bedieningsgebiede (met 'n totale silo-opbergingskapasiteit van meer as een miljoen ton) voldoen aan voedselveiligheidsvereistes en is Safex-geregistreer.




## GRAANBEMARKING

Die hantering, opberging en versending, sowel as die verhandeling van graan, bly steeds van die kern waardetoevoegende dienste wat VKB en NTK aan graanprodusente en -afnemers bied.



## OLIEPERS

Sojaboonproduksie in die VKB-gebied het die afgelope vyf jaar wesenlik toegeneem. VKB het die diversifikasiegeleentheid aangegryp deur die oprigting van 'n oliepers, Free State Oil (Pty) Ltd. Die pers het 'n kapasiteit van 150 000 ton per jaar.



## MIELIEMEULENS

Die meulens in Frankfort, Mokopane en Venda, wat op beide groot- en kleinhandel fokus, is strategies geleë om koste-effektiewe verspreiding van mieliemeel aan afsetpunte in die onderskeie bedieningsgebiede te verseker.



## KORINGMEULE

VKB besit 'n 70%-belang in Kromdraai Best Milling (Pty) Ltd, 'n koringmeule op Frankfort. Die meule het 'n kapasiteit van 12 000 ton per maand. Nagenoeg 1,3 miljoen brode word per maand deur die bakkery gebak.

# WAARDE-TOEVOEGING



## VERPAKKINGSMATERIAAL

Crown Bag (Pty) Ltd produseer meer as ses miljoen aartappel- en houtskoolsakke per maand. VKB het voorts 'n beherende belang verkry in Farmpack, 'n verpakkingsaanleg naby Nelspruit. Hier word 'n wye reeks bedrukte, sowel as onbedrukte kartondose vervaardig.



## BRAAIKUIKENS

Die kapasiteit van die braaikuikenabattoir is 785 000 braaikuikens per week en word voorsien deur kontrakgroeiers wat aandeelhouers van VKB is. Voer vir die braaikuikens word verskaf deur VKB se veevoerfabriek en in die proses word 'n aansienlike hoeveelheid plaaslik geproduseerde mielies verbruik.



## VEEVOERE


VKB se veevoerfabriek op Vrede het 'n maandelikse produksiekapasiteit van sowat 18 000 ton en voorsien hoofsaaklik pluimveevoer aan die kontrakgroeiers van Grain Field Chickens (Pty) Ltd. VKB besit ook 'n 50%-belang in Nu-Pro Voere (Edms.) Bpk. en verskaf dus 'n wye reeks veevoere aan produsente en in die algemene handel.



## SAADVERWERKING

Die VKB-saadverwerkingsaanleg op Reitz huisves 'n moderne laboratorium en bestuur die tegniese, wetenskaplike en regulatoriese aspekte wat met die vermeerdering, verwerking en verpakking van saad gepaard gaan.

# Groepstruktuur en strategiese visie




Landbou was die oorspronklike rede waarom die besigheid bykans 'n eeu gelede gestig is. Dit bly vandag nog die kernrede vir die VKB Groep se voortbestaan. Die maatskappy se sekondêre doel is steeds om waarde toe te voeg tot die landbouprodukte wat in sy gebied geproduseer word, sodat 'n groter deel van die besteebare inkomste van die verbruiker die landbouprodusent kan toeval.

Hierdie strategiese visie bly die maatstaf waaraan alle aktiwiteite gemeet word en waarvolgens strategiese investerings gedoen word.

Die uitvoering van hierdie visie het gedurende die jaar verder beslag gekry soos die Groep se struktuur gevorm word om hieraan uiting te gee. Gedurende die jaar is ver gevorder met die strukturering van die Groep in 'n houermaatskappy, VKB Beleggings (Edms.) Bpk., met twee vertakkings, naamlik VKB Landbou (Edms.) Bpk., waarin al die landbouaktiwiteite saamgegroepeer is, en VKB Agri Processors (Pty) Ltd, wat dien as houermaatskappy vir al die nywerhede. Die finale stap van die VKB Groep se herstrukturering het op 1 April 2016 plaasgevind toe die oorhoofse houermaatskappy tot stand gekom het.

Die Landbou-been fokus op die voorsiening van landbou-insette, verskaffing van dienste en finansiering aan die produsente, en is gegroepeer in twee divisies wat onder verskillende handelsname opereer, naamlik VKB Landbou (Edms.) Bpk. – Vrystaatdivisie en VKB Landbou (Edms.) Bpk. – Limpopo-divisie. Die koöperatiewe kultuur waardeur die onderneming homself in die verlede gedifferensieer het van ander landboubesighede sal steeds in die Landbou-been voortleef.

In die ander been is die nywerhede saamgegroepeer en dit word op 'n meer korporatiewe basis bestuur om geleenthede binne die landbouwaardeketting te benut tot voordeel van die aandeelhouers. Die langtermynvisie is om in hierdie been waarde te ontsluit op 'n meer korporatiewe basis, soos die betaal van 'n markverwante dividend en die groei van die aandele se waarde.

# Vyfjaaroorsig van Groep

| | 2012<br>12 mde<br>R'm | 2013<br>12 mde<br>R'm | 2014<br>12 mde<br>R'm | 2015<br>12 mde<br>R'm | 2016<br>12 mde<br>R'm |
|---|---|---|---|---|---|
| **STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE** | | | | | |
| Verkope | 3 052 | 4 043 | 8 795 | 9 639 | **11 140** |
| Bedryfswins | 142 | 180 | 326 | 390 | **489** |
| Resultate van geassosieerdes | 13 | (1) | 5 | 7 | **14** |
| Finansieringskoste | (28) | (40) | (61) | (102) | **(168)** |
| Beleggingsinkomste | 8 | 29 | 10 | 6 | **11** |
| *WINS VOOR AANSPORINGSKORTING* | 134 | 168 | 279 | 300 | **346** |
| Aansporingskorting | (115) | (150) | (210) | (228) | **(200)** |
| *WINS VOOR BELASTING* | 19 | 18 | 69 | 73 | **146** |
| Belasting | (2) | 5 | 62 | (10) | **4** |
| *WINS NA BELASTING* | 17 | 23 | 131 | 63 | **150** |
| Aansporingskorting | 115 | 150 | 210 | 228 | **200** |
| Dividende verklaar | | | 10 | 20 | **30** |
| Dividendkoers | | | 1,40% | 2,28% | **2,88%** |
| **STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE** | | | | | |
| Niebedryfsbates | 510 | 676 | 892 | 1 094 | **1 532** |
| Bedryfsbates | 1 363 | 1 778 | 2 553 | 3 103 | **4 299** |
| Totale bates | 1 873 | 2 455 | 3 445 | 4 197 | **5 830** |
| Aandelekapitaal | 837 | 954 | 1 213 | 1 382 | **1 525** |
| Reserwes | 42 | 52 | 182 | 228 | **371** |
| Totale ekwiteit | 879 | 1 007 | 1 395 | 1 610 | **1 896** |
| Minderheidsbelang | (1) | (9) | (14) | (10) | **92** |
| Niebedryfslaste | 125 | 230 | 313 | 375 | **373** |
| Bedryfslaste | 870 | 1 227 | 1 751 | 2 222 | **3 469** |
| Totale ekwiteit en laste | 1 873 | 2 455 | 3 445 | 4 197 | **5 830** |
| **WINSGEWENDHEID EN PRODUKTIWITEIT** | | | | | |
| Opbrengs op totale bates | 9% | 8% | 10% | 10% | **9%** |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang | 15% | 17% | 20% | 19% | **18%** |
| Bate-omsetsnelheid (aantal keer) | 1,93 | 2,04 | 3,65 | 2,68 | **2,23** |
| Bedryfswins as % van inkomste | 5% | 4% | 4% | 4% | **5%** |
| **SOLVENSIE EN LIKIDITEIT** | | | | | |
| Eie kapitaalverhouding | 47% | 41% | 41% | 38% | **33%** |
| Totale bates tot totale laste | 1,88 | 1,68 | 1,67 | 1,62 | **1,52** |
| Rentedekking (aantal keer) | 5,80 | 5,23 | 5,57 | 3,93 | **3,06** |
| Bedryfskapitaalverhouding | 1,57 | 1,45 | 1,46 | 1,40 | **1,24** |
| Vuurproefverhouding | 1,25 | 1,18 | 1,11 | 1,02 | **0,85** |


*NOTAS*

Verhoudings is verwerk na 12 maande waar van toepassing.


Vanaf 1 April 2013 besit VKB 100% (voorheen 50%) van NTK en vandaar die wesenlike styging in die 2014-syfers.

# Finansiële hoogtepunte


## WINS VOOR AANSPORINGSKORTING




## OMSET





## BRUTO INKOMSTE








## AANSPORINGSKORTING





## WINS VOOR RENTE, BELASTING EN AANSPORINGSKORTING (EBIT)





## DIVIDENDE VERKLAAR





## DIVIDENDKOERS





## OPBRENGS OP TOTALE BATES





## EIE KAPITAALVERHOUDING




## OPBRENGS OP AANDEELHOUERSBELANG




## BEDRYFSKAPITAALVERHOUDING






# Raad van Direkteure




1. **MOSES MAINE**
*DIREKTEUR: TRANSFORMASIE*

2. **JAPIE VAN DER GOOT**
*WYK 15*
Limpopo Advieskomitee

3. **COENRAAD FICK**
*ONDERVOORSITTER; WYK 1*
Oudit- en Risikokomitee (Voorsitter)
Nominasiekomitee

4. **GERT BESTER**
*WYK 4*
Sosiale- en Etiekkomitee

5. **PAUL CARSHAGEN**
*VOORSITTER; WYK 1*
Nominasiekomitee (Voorsitter)
Menslike Hulpbronnekomitee
Ex officio op alle ander komitees


6. **GERRIT STEYN**
*WYK 5*
Graanbedryf Advieskomitee
Sosiale- en Etiekkomitee

7. **KOOS JANSE VAN RENSBURG**
*BESTURENDE DIREKTEUR: VKB GROEP*

8. **MARKUS MITTERMAIER**
*UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES VKB GROEP*

9. **PIERRE JACOBS**
*WYK 15*
Menslike Hulpbronnekomitee
Limpopo Advieskomitee (Voorsitter)

## VKB LANDBOU (EDMS.) BPK. DIREKSIE




1. **FRANCOIS SWANEPOEL**
*UITVOERENDE HOOF: LANDBOU (VRYSTAAT)*

2. **MOSES MAINE**
*DIREKTEUR: TRANSFORMASIE*

3. **FRANCOIS FRONEMAN**
*UITVOERENDE HOOF: LANDBOU (LIMPOPO)*

4. **ISAAC MOTAUNG**
*ONAFHANKLIKE DIREKTEUR*

5. **KOOS JANSE VAN RENSBURG**
*BESTURENDE DIREKTEUR: VKB GROEP*

6. **MARKUS MITTERMAIER**
*UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES VKB GROEP*

## VKB BELEGGINGS (EDMS.) BPK.




**PIERRE DE VILLIERS**
*WYK 2*
Menslike Hulpbronnekomitee (Voorsitter)
Graanbedryf Advieskomitee

**PHILIP CRONJÉ**
*WYK 8*
Graanbedryf Advieskomitee

**LEON EKSTEEN**
*WYK 15*
Oudit- en Risikokomitee
Limpopo Advieskomitee

**IZAK DREYER**
*WYK 3*
Oudit- en Risikokomitee

11 13 15 17

10 12 14 16

**HUMAN DU PREEZ**
*WYK 15*
Sosiale- en Etiekkomitee
Limpopo Advieskomitee

**MICHAEL DE KLERK**
*WYK 7*
Graanbedryf Advieskomitee (Voorsitter)

**KOBIE BEKKER**
*ONAFHANKLIK*
Oudit- en Risikokomitee

**DAN KRIEK**
*WYK 6*
Sosiale- en Etiekkomitee (Voorsitter)
Menslike Hulpbronnekomitee
Nominasiekomitee

## VKB AGRI PROCESSORS (PTY) LTD DIREKSIE




**SAS KASSELMAN**
*BESTURENDE DIREKTEUR*

**PHILIP LABUSCHAGNE**
*FINANSIËLE BESTUURDER*

**DEON VAN DER ROSS**
*UITVOERENDE HOOF: KLEINHANDEL NYWERHEDE*

2 4 6

1 3 5 7

**KOOS JANSE VAN RENSBURG**
*BESTURENDE DIREKTEUR: VKB GROEP*

**PETER COOK**
*UITVOERENDE HOOF: GRAAN NYWERHEDE*

**MOCHELE NOGE**
*ONAFHANKLIKE DIREKTEUR*

**MOSES MAINE**
*DIREKTEUR: TRANSFORMASIE*

# Voorsittersverslag



PAUL CARSHAGEN

VKB is dankbaar dat die Groep weer eens rekordresultate kon behaal vir die finansiële jaar geëindig op 31 Maart 2016. Die jaar het nie uit die staanspoor die potensiaal van 'n rekordjaar getoon nie, maar met die goeie, gebalanseerde prestasie van die meeste van sy bedrywighede het die rekordjaar gaandeweg ontwikkel.

Normaalweg word VKB se resultate tot 'n groot mate bepaal deur die grootte van die voorafgaande jaar se oes. Aangesien die weer gedurende 2015 oor 'n groot deel van VKB se bedieningsgebied relatief gunstig was, was die oes bogemiddeld, alhoewel dit baie kleiner was as die vorige jaar. Die redelike oes, lojale ondersteuning van die maatskappy se landbouprodusente in die Vrystaat en Limpopo, sowel as die nywerhede se beduidende bydrae, was alles faktore wat die rekordresultate moontlik gemaak het. Die geografiese diversifikasie van die Groep het bygedra tot die goeie resultate, met die NTK-area wat 'n uitstekende bydrae gelewer het tot die wins soos die Groep gaandeweg markaandeel herwin in Limpopo.

Bykans al die bedrywe was gedurende die afgelope jaar winsgewend en selfs die nuwe nywerhede is goed op dreef. Die prestasie van die meulens in Limpopo het vergoed vir die middelmatige prestasie van die nuwe nywerhede in die Vrystaat. Die feit dat die nywerhede 'n positiewe bydrae tot die resultate gemaak het en nie afbreuk gedoen het aan die prestasie van VKB se landboubedrywe nie, maak hierdie die mees gebalanseerde prestasie van die Groep tot dusver. Die strategiese visie om nywerhede te vestig, het tot gevolg dat VKB in 'n mindere mate geraak word deur wisselende klimaat en oesgrootte.

Bogenoemde strategie het aanleiding gegee tot resultate wat aan die einde van die oorsigjaar dit vir VKB moontlik gemaak het om met sy unieke aansporingskortingmodel, 'n aansporingskorting van R200 miljoen aan sy kliënte te verklaar. Aandeelhouers ontvang ook, soos die vorige jaar, 'n dividend van R30 miljoen en daardeur erken die maatskappy ook die geleentheidskoste van kapitaal van sy aandeelhouers.

## EKONOMIESE OMSTANDIGHEDE

Die internasionale ekonomie word die afgelope 18 maande sterk deur 'n reeks faktore beïnvloed, wat 'n direkte invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie het. Dit sluit onder andere die volgende in:

- Swak ekonomiese groei in China, Japan en die Europese Unie wat bydra tot 'n verminderde vraag na kommoditeite soos steenkool, ystererts en platinum. Weens die ooraanbod van laasgenoemde metale bly internasionale pryse onder druk.
- Internasionale inflasiekoerse wat baie laag bly. Die moontlikheid van stagflasie in die Euro-sone en Japan kan nie uitgesluit word nie.
- Internasionale rentekoerse wat steeds op historiese lae vlakke vasgestel word.
- 'n Dalende goudprys weens die afwesigheid van internasionale inflasiedruk en die onstuimige wêreldmarkte.
- 'n Ooraanbod van ruolie wat daartoe bydra dat pryse gedurende die oorsigjaar op rekordlaagtepunte verhandel. Die effek hiervan is dat 'n groot aantal olieproduserende lande nie meer ruolie winsgewend kan ontgin nie.

Die uitsondering is egter die VSA waar ekonomiese groei en indiensnemingsyfers positief vertoon. Dit het die Federale Reserweraad daartoe genoop om uitleenkoerse die eerste keer sedert 2009 te verhoog. Alle aanduidings dui daarop dat uitleenkoerse in die VSA nog verder kan styg gedurende 2016.

Bogenoemde faktore het 'n uiters negatiewe invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. Die effek is verder vergroot deur die politieke onstuimigheid wat gewoonlik 'n verkiesing voorafgaan. Die lae vraag na kommoditeite en onbeskermde invoere van staalprodukte dra by tot die werkverliese wat in die mynbou- en staalsektor ondervind word. Op die lang termyn veroorsaak dit ook dat die moontlike belastinginkomste van die fiskus onder druk kom.

Die aanstelling van meneer Pravin Gordhan het die hoop laat opvlam dat staatsfinansies en staatsondernemings (Eskom, Poskantoor en die SAL) op 'n hoër vlak bestuur sal word. Dit blyk egter dat politieke onenigheid binne die regerende party bydra tot die verhaal van 'n swak vertoning van die ekonomie, wat verder belemmer word deur beleidsonsekerheid of gereelde mistastings met beleid, arbeidsonrus en 'n gebrek aan vertroue in die ekonomie. Hierby is

die moontlike afgradering van die Suid-Afrikaanse kredietgradering na rommelstatus en die vooruitsigte vir die Suid-Afrikaanse ekonomie nie baie rooskleurig nie.

Tog bly die algemene prognose vir landbou in die wêreld steeds goed met 'n groeiende wêreldbevolking en gevolglike groter vraag na voedsel. Die stygende besteebare inkomste van die wêreldbevolking en 'n groeiende middelklas in Suid-Afrika het 'n positiewe effek op die vraag na proteïene.

## PRODUKSIE-OMSTANDIGHEDE

Graanopberging en -hantering is steeds een van die Groep se grootste bronne van inkomste. Die produksie van koring neem ongelukkig jaarliks af weens die onstabiele weerpatrone en 'n koringprys wat nie die klimaatrisiko van koringproduksie in VKB se bedieningsgebied verdiskonteer nie. Die grootte van die vorige jaar se someroes lê die grondslag vir die daaropvolgende jaar se wins. Alhoewel VKB nie die rekordoes van 2014 kon ewenaar nie, het die maatskappy 'n billike mielie-oes ingesamel en 'n redelike sojaboonoes. Dit het 'n goeie platform geskep vir die bevredigende resultate van VKB Landbou (Edms.) Bpk. vir die 2016 finansiële jaar.

Gegewe die finansiële posisie van die maatskappy se produsente na die 2016-droogte, is sekere groot kapitale projekte uitgestel ten einde VKB in staat te stel om sy produsente so ver moontlik te ondersteun om gedurende die 2017-seisoen weer te produseer.

## STRATEGIESE VISIE

Landbou was die oorspronklike rede waarom die besigheid bykans 'n eeu gelede gestig is. Dit bly vandag nog die kernrede vir die VKB Groep se voortbestaan. Die maatskappy se sekondêre doel is steeds om waarde toe te voeg tot die landbouprodukte wat in sy gebied geproduseer word, sodat 'n groter deel van die besteebare inkomste van die verbruiker die landbouprodusent kan toeval. Hierdie strategiese visie bly die maatstaf waaraan alle aktiwiteite gemeet word en waarvolgens strategiese investerings gedoen word.

Die uitvoering van hierdie visie het gedurende die jaar verder beslag gekry soos die Groep se struktuur gevorm word om hieraan uiting te gee. Gedurende die jaar is ver gevorder met die strukturering van die Groep in 'n houermaatskappy, VKB Beleggings (Edms.) Bpk., met twee vertakkings, naamlik VKB Landbou (Edms.) Bpk., waarin al die landbou-aktiwiteite saamgegroepeer is, en VKB Agri Processors (Pty) Ltd, wat dien as houermaatskappy vir al die nywerhede. Die finale stap van die VKB Groep se herstrukturering het op 1 April 2016 plaasgevind toe die oorhoofse houermaatskappy tot stand gekom het.

## TRANSFORMASIE

Nêrens in die wêreld is transformasie tans so op die voorgrond soos in Suid-Afrika nie. VKB onderskryf die beginsel van transformasie in Suid-Afrika. Die maatskappy wil 'n bydrae lewer om die land 'n beter blyplek vir al sy inwoners en 'n beter werkplek vir VKB se werknemers te maak.






# Voorsittersverslag (vervolg)

Die beginsel van Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging word ondersteun, eerder as om 'n klein elite groep van die bevolking te verryk. VKB het 'n bemagtigingstruktuur in plek gekry om die onderneming te bemagtig met sy eie werknemers as begunstigdes. Op so 'n basis kan die VKB Groep 'n bydrae maak tot SEB ten einde waarde vir sy produsente-eienaars en eie belanghebbendes toe te voeg, eerder as om waarde af te staan aan buitepersone of -instansies, en in die proses ook aan sy eie werknemers die geleentheid bied om deel te wees van die ekonomiese hoofstroom.

## VOORUITSIGTE VIR DIE KOMENDE JAAR

Die 2016-seisoen sal vir lank onthou word as een van die moeilikste landboujare ooit. Reënvalstatistiek dui daarop dat dit die droogste jaar was sedert amptelike reënvalsyfers aangeteken word. Lentereëns het glad nie gerealiseer nie en eers gedurende die tweede helfte van Januarie 2016, net toe alles totaal verlore gelyk het, het dit gereën. Ongelukkig is die agterstand nooit uitgewis nie en is die oes met bitter min reën geproduseer. Onder sulke omstandighede is dit gewoonlik die geval dat sommige boere rekordoeste behaal, terwyl ander 'n swak of geen oes realiseer nie. Die oes wat wel afgehaal word, is bykans 'n wonderwerk gegewe die min reën wat geval het. Die VKB-gebied is ook nie so katastrofies getref soos in sommige van die meer westelike gebiede nie, waar baie produsente glad nie kon plant nie. Die 2016-someroes sal beduidend kleiner wees as die 2015-oes en dit sal 'n negatiewe uitwerking op VKB se groepresultate hê.

Die katastrofiese droogte veroorsaak dat landboukommoditeite se pryse vir die grootste gedeelte van die bemarkingseisoen sal verhandel teen invoerpariteit en gevolglik baie hoër sal wees as die vorige jaar. Die wisselkoers fluktueer geweldig weens die politieke onstabiliteit wat normaalweg 'n verkiesing voorafgaan, en dit verleen verder stukrag aan die reeds hoë graanpryse. Alhoewel dit goeie nuus is uit 'n produsente-oogpunt, maak dit grondstowwe vir verwerking deur die nywerhede duur en sal noodwendig ook druk op marges plaas.

Die huidige jaar se droogte het ook 'n wesenlike impak op baie produsente se terugbetaalvermoë. Gevolglik verwag VKB 'n komponent oorlaatskuld wat 'n negatiewe effek op die maatskappy se bedryfskapitaalposisie sal hê. Die eerste prioriteit is steeds om produsente te ondersteun waar moontlik.

Gevolglik kan verwag word dat die komende jaar se resultate moontlik nie die huidige jaar se resultate sal ewenaar nie.

## BEDANKINGS

Ek wil die geleentheid gebruik om my opregte dank uit te spreek teenoor die volgende:

- Produsente vir hulle voortgesette lojale ondersteuning.
- My mededirekteure vir hulle toewyding en visie.
- Ons Uitvoerende Bestuur en personeel wat die hart van die onderneming is en die onderneming met soveel toewyding dien.
- Ons verskaffers en graanafnemers met wie ons jarelange verbintenisse het en wat ons onderneming getrou ondersteun.

Ons wil ook in diepe afhanklikheid ons Hemelse Vader dank vir die seën wat Hy so onverdiend oor ons onderneming uitstort.

Paul Carshagen
**Voorsitter**

# Bestuursoorsig

**vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2016**






Die VKB Groep is weer eens baie trots op nog 'n rekordwinsjaar. As gevolg van die besluit om in die landbouwaardeketting te integreer, het positiewe resultate begin realiseer. Ten spyte van die uitdagende ekonomiese toestande is die gevestigde landboubesigheidseenhede se positiewe prestasie voortgesit. Sinergieë tussen die landbou en die nywerhede het ook bygedra tot hierdie rekordwins.

Wat die tradisionele landboubesigheidseenhede betref, het beide die Vrystaat- en Limpopo-streke uitsonderlik presteer en is dit veral die NTK-gebied in Limpopo wat nog baie potensiaal toon. Al die nywerhede, behalwe Grain Field Chickens (Pty) Ltd ("GFC") en Free State Oil (Pty) Ltd ("FSO"), het met 'n wins afgesluit. Een toevoeging is gedurende die jaar tot die nywerhede gemaak, naamlik Kromdraai Best Milling (Pty) Ltd ("KBM"). Dit het die leemte in die koringwaardeketting gevul.

## GROEPRESULTATE

Op jaareinde reflekteer VKB se gekonsolideerde netto wins voor belasting en aansporingskortings R346,1 miljoen teenoor die vorige jaar se R300,1 miljoen.




## AANSPORINGSKORTING

Gegewe die goeie prestasie van VKB onder moeilike ekonomiese omstandighede, het die Raad van Direkteure goedkeuring verleen dat die Groep R200 miljoen as aansporingskorting aan kliënte toeken. Sedert 1 April 2015 is VKB en NTK een besigheid en word hierdie aansporingskorting op dieselfde basis verdeel tussen alle landboukliënte van die twee streke. Die aansporingskorting per kliënt word op die afgelope jaar se ondersteuning en deelname aan bedrywighede gebaseer.

## DIVIDENDE VERKLAAR


VKB verklaar vir die derde agtereenvolgende jaar ook 'n dividend aan sy aandeelhouers. 'n Voorkeurdividend van R30 miljoen (2015 – R20 miljoen) is verklaar op die Klas 2-voorkeuraandele soos op 31 Maart 2016. Dit verteenwoordig 'n dividendkoers van 2,88% en word verklaar uit winste gegenereer deur die nywerhede. Hierdie dividende is uitsluitlik te danke aan VKB se besluit om in die waardeketting te investeer, wat nie net goeie waarde ontsluit vir die maatskappy se aandeelhouers deur

WINSTE EN VERLIESE VAN DIE GROEP SE INDIVIDUELE MAATSKAPPYE VIR DIE AFGELOPE TWEE JAAR VOOR BELASTING

| Naam | Aandeelhouding (%) | Wins/(Verlies) 2015 | Wins/(Verlies) 2016 |
|---|---|---|---|
| VKB | 100 | R218,0 miljoen | R229,9 miljoen |
| Grain Field Chickens (Pty) Ltd | 76,9 | R13,9 miljoen | (R5,8 miljoen) |
| VKB Milling (Pty) Ltd | 100 | R70,8 miljoen | R87,3 miljoen |
| NTK-Venda Roller Mills (Pty) Ltd | 55 | R0,9 miljoen | R3,9 miljoen |
| Free State Oil (Pty) Ltd | 100 | (R36,0 miljoen) | (R4,0 miljoen) |
| Nu-Pro Voere (Edms.) Bpk. | 50 | R9,3 miljoen | R14,7 miljoen |
| Nu-Pro Commodities (Pty) Ltd | 50 | R3,2 miljoen | R13,4 miljoen |
| Crown Bag (Pty) Ltd | 100 | R3,0 miljoen | R1,5 miljoen |
| AE Solutions (Pty) Ltd | 26 | R9,2 miljoen | R12,2 miljoen |
| Kromdraai Best Milling (Pty) Ltd | 70 | (R31,3 miljoen) | R23,7 miljoen |
| NAK-koelstoor | 50 | R0,3 miljoen | (R3,0 miljoen) |


# Bestuursoorsig (vervolg)

die dividende wat hulle ontvang nie, maar ook deur die verdere verwerking van hulle produkte.





## BEDRYFSRESULTATE

Die VKB Groep se omset van R11,140 miljard verteenwoordig 'n styging van 16% teenoor die vorige jaar. 'n Beherende belang verkry in KBM gedurende Julie 2015 het 'n groot aandeel in dié styging gehad. Kapasiteituitbreiding by van die nuwe nywerhede het ook bygedra tot die styging in omset. Aan die landboukant het verhoogde volumes en pryse vir landbou-insette, asook verhoogde kommoditeitspryse, die omsette laat styg.




## BRUTO INKOMSTE


Die konsolidasie van KBM se resultate het 'n styging in die bruto inkomste tot gevolg gehad. VKB se bruto inkomste wat gerealiseer is, is hoër as die vorige jaar weens 'n verhoging in die volume verkope. Die bruto wins




is egter nadelig geraak deur marges wat laer as die voorafgaande jaar was.

## UITGAWES

Uitgawes word streng bestuur en is binne verwagting ten opsigte van inflasie-aannames. Enkele uitgawes was hoër, hoofsaaklik weens verhoogde volume besigheid en kapasiteituitbreidings by die nywerhede.





KBM se konsolidasie is in hierdie geval ook verantwoordelik vir die groei in die groepsyfer. Ontleding van VKB-uitgawes dui daarop dat enkele items om spesifieke redes 'n toename getoon het. Rente betaal is beduidend hoër as die vorige jaar, hoofsaaklik weens die feit dat VKB 'n debiteure- en voorraadboek bestuur wat wesenlik hoër as die vorige jaar is en as gevolg van die investering in nywerhede. Die investering in nywerhede en voorraad is hoofsaaklik uit eie bronne gefinansier en die verhoogde debiteureboek grootliks uit eksterne bronne. Hierbenewens het die groeiende debiteureboek gelukkig nie net 'n Rente Betaal-komponent nie, maar ook 'n Rente Ontvang-komponent waarop 'n marge verdien word.

Weens VKB se groeistrategie, veral in die nywerhede, was dit onafwendbaar dat ekstra personeel aangestel moes word en dit het gevolglik die salariskoste met meer as inflasie laat styg.

## KAPITAALBRONNE

Die aard van 'n landboubesigheid wat debiteuresiklusse finansier wat met produksie- en bemarkingseisoene verband hou, veroorsaak dat





sy kapitaal- en opbrengsverhoudings moeilik met empiriese norme vergelyk kan word. In die bostaande grafiek word die eie kapitaal en totale kapitaal wat werksaam is binne die VKB Groep aangetoon. Weens VKB se doelbewuste groeistrategie word groot kapitale investerings, wat die kapitaalverhouding tydelik sal versteur, gemaak. Dit is die rede vir die daling in die kapitaalverhouding.

Die investering in kapitaalintensiewe bedrywe word binne konserwatiewe norme wat vir balansstaatverhoudings gestel word, gedoen en VKB se Staat van Finansiële Posisie behoort voortaan steeds een van sy sterk punte te wees. Kapitaalverhoudings behoort steeds binne die selfopgelegde norme te bly en gaandeweg te verbeter. Die maatskappy se langtermyndoelwit is om 'n hefboom van ten minste 35% te handhaaf.

## BEDRYFSKAPITAAL- EN LIKIDITEITSVERHOUDINGS


Weens die groeistrategie wat VKB volg, is daar 'n groter behoefte aan addisionele bedryfskapitaal. Optimale vlakke van bedryfskapitaal word egter steeds gehandhaaf en die Groep se likiditeit is steeds op gesonde vlakke.

Die insluiting van die nywerhede se debiteuresyfers het die Groep se totale debiteure aansienlik laat styg.






Debiteuresiklusse van die nywerhede is egter heelwat korter as dié van die landbouproduksiesiklusse, wat weer die totale gemiddelde aantal dae van debiteure inkort en die Groep se kontantvloei bevoordeel. Hoewel landboudebiteure 'n styging toon, wat 'n noodwendige gevolg is van die verhoogde volume besigheid asook die verhoogde landbou-insetkoste, bly dit in verhouding tot die inkomste gegenereer.




Die kwaliteit van die debiteureportefeulje is steeds baie goed. 'n Matige aanpassing in die voorsiening vir twyfelagtige skuld was, gegewe die omstandighede, nietemin nodig. Die verwagting is egter dat die oorlaatskuld in die komende jaar kan toeneem weens die swakker landboutoestande.

## OPBRENGS OP TOTALE BATES EN EIENAARSKAPITAAL

Weens die omvang van VKB se finansieringsaktiwiteite voldoen die opbrengs op totale kapitaal nie aan die uitdagende norme wat die maatskappy graag wil behaal nie. In 'n poging om die opbrengs op totale kapitaal te verhoog, het VKB die afgelope aantal jare in 'n aantal nuwe projekte belê, waar die opbrengs op die kapitale investering hoër as die gemiddelde opbrengs op totale kapitaal behoort te wees. Die meeste van die nuwe projekte lewer reeds 'n billike opbrengs. Opbrengs op eie kapitaal voldoen aan die maatskappy se doelwitnorm en dit vergelyk goed met die industrie sowel as die totale ekonomie, wat 'n aanduiding is dat VKB sy geleende geld produktief aanwend.




## VASTE BATES

Die Groep se kapitaalspandering het R316 miljoen beloop. Hiervan het die spandering aan grond en geboue R85 miljoen bedra; aanleg, toerusting en meubels R167 miljoen; voertuie R16 miljoen en rekenaartoerusting R21 miljoen. Depresiasie vir die jaar het R70 miljoen beloop. Die grootste investering in vaste bates word deur die aankoop van KBM verteenwoordig. Die res van die spandering is hoofsaaklik weens die uitbreidings by die nywerhede.

## VOORRAAD

Die totale voorraad vergelyk soos volg:

| | 2016 R'000 | 2015 R'000 |
|---|---|---|
| Landbouvoorraad | **810 427** | 739 575 |
| Grondstof | **430 973** | 59 462 |
| Klaar produkte | **106 886** | 42 775 |
| Ander voorraad | **115** | 615 |
| | **1 348 401** | 842 427 |







# Bestuursoorsig (vervolg)

## KONTANTVLOEI

Bedryfsaktiwiteite van die Groep het 'n kontantuitvloei van R784 miljoen gelewer. Die netto beweging uit beleggingsaktiwiteite het R251 miljoen laat uitvloei, terwyl die finansieringsaktiwiteite van die Groep R256 miljoen laat invloei het. In totaal was daar dus 'n netto afname in kontant van R778 miljoen, wat die kontanttekort aan die begin van die jaar vergroot het.

## VOLHOUBAARHEID

VKB se bedrywighede is uitstekend geposisioneer om selfs tydens ongunstige ekonomiese tye winsgewend te kan wees. Die onderneming en sy filiale se state van finansiële posisie is konserwatief gestruktureer.

Aangesien die debiteureboek gedeeltelik uit eie kapitaal gefinansier word, hou 'n verhoging in finansieringskoste nie vir die onderneming enige gevaar in nie en behoort 'n verhoging in rentekoerse selfs 'n verbetering in die onderneming se resultate tot gevolg te hê. Investering in nuwe besigheidseenhede word net aangepak indien die geprojekteerde resultate aan sekere vooropgestelde norme voldoen.

Dit word ook net gedoen indien sinergie met bestaande bedrywighede bestaan wat tot die nuwe besigheid se mededingende voordeel bydra. Gegewe die genoemde aspekte, is die onderneming uitstekend geposisioneer om op die lang termyn volhoubaar te presteer.

Koos Janse van Rensburg
**Besturende Direkteur**

Markus Mittermaier
**Uitvoerende Direkteur: Finansies**

# VKB Uitvoerende Bestuur




| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| **SAS KASSELMAN**<br>*BESTURENDE DIREKTEUR: VKB AGRI PROCESSORS (PTY) LTD* | **KOOS JANSE VAN RENSBURG**<br>*BESTURENDE DIREKTEUR: VKB GROEP* | **FRANCOIS FRONEMAN**<br>*UITVOERENDE HOOF: LANDBOU (LIMPOPO)* | **MARKUS MITTERMAIER**<br>*UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES VKB GROEP* | **FRANCOIS SWANEPOEL**<br>*UITVOERENDE HOOF: LANDBOU (VRYSTAAT)* |

## VKB SE ETIESE GEDRAGSKODE

VKB, sy filiale en hul werknemers streef daarna om met eerlikheid en integriteit, ooreenkomstig 'n hoë vlak van morele en etiese standaarde, op te tree in hul sake- en interpersoonlike omgang. Alle werknemers in die VKB Groep word geag kennis te dra en hulself te verbind om hierdie waardes te ondersteun en uit te leef.

Die volgende beginsels vorm die basis van hierdie kode:

- Eerlike en etiese optrede
- Nakoming van wette, reëls en regulasies
- Billikheid, respek en waardigheid
- Aanvaarding van alternatiewe sienings
- Ondersteuning en lojaliteit
- Uitsonderlike prestasie
- 'n Veilige en gesonde werkomgewing vir alle werknemers
- Erkenning van prestasie van werknemers
- Kliëntetevredenheid
- Behoorlike kommunikasie en deursigtigheid
- Vertroulikheid
- Teenkorrupsie
- Vermyding van enige konflik van belange



# Landbou-verslag

**VKB LANDBOU (EDMS.) BPK.**



FRANCOIS SWANEPOEL FRANCOIS FRONEMAN

## STRATEGIESE DOELWIT

Die oorhoofse strategie van VKB Landbou (Edms.) Bpk. ("VKB Landbou") is steeds om die produsente te ondersteun om meer effektief en winsgewend te boer. VKB Landbou moet dus hulle insetkoste verminder en die waarde van hulle produkte optimaliseer. Die tradisionele landbouafdelings word binne die maatskappy self bedryf. Die struktuur van hierdie vertakking word in die onderstaande diagram uiteengesit.

Besigheid binne VKB Landbou word regdeur die Oos-Vrystaat en Limpopo gedoen. Hieronder volg 'n kort opsomming per afdeling en filiaal.

### HANDEL

Handel bestaan uit 'n netwerk van 47 bedryfspunte. Produkte wat aangebied word, sluit in brandstof, kunsmis, chemikalieë, saad, dieregesondheid, veevoer, besproeiing, staal, omheining, boumateriaal, verpakkingsmateriaal en algemene hardeware.

Die afgelope finansiële jaar was gekenmerk deur moeilike landboutoestande, maar ten spyte daarvan kon die Handelsafdeling daarin slaag om goeie groei in omset sowel as netto wins te behaal. 'n Hernude fokus word tans op hierdie afdeling geplaas en verskeie projekte en handelstakopgraderings word beplan. Die uitbreidings is daarop gefokus om 'n beter eenstopkoopervaring vir die produsent te bied, maar ook om Handel meer toeganklik te maak vir die breër publiek.


### MEGANISASIE

Meganisasiedienspunte bestaan uit 10 meganisasiewerkwinkels en -onderdelepunte, wat ondersteun word deur 10 heelgoederebemarkers. Meganisasie beskik oor 'n wye reeks produkte en agentskappe. Van die produkreekse sluit in New Holland, Case, Jupidex, Rovic Leers, Falcon, AgriCAD, Equalizer en Amazone.

Meganisasie het die afgelope jaar baie goed presteer. Moeilike landboutoestande het die afdeling genoodsaak om sterk te fokus op die bestuur van uitgawes. Die effek hiervan was dat daar byna geen groei in uitgawes gedurende die jaar was nie. Die groei in omset en bruto wins het gevolglik direk in die netto wins gerealiseer.

### GRAANBEDRYF

Graanbedryf bestaan uit 22 graansilo's, waarvan 13 in die Noordoos-Vrystaat en 9 in Limpopo geleë is. Hierdie graansilo's het 'n totale kapasiteit van 1,1 miljoen ton en is toegerus om verskeie grane en oliesaadprodukte per pad en spoor te ontvang en veilig op te berg. Verskeie graandienste word by die fasiliteite aangebied. VKB poog om sy fasiliteite deurlopend op te gradeer volgens die behoeftes van sy produsente en afnemers. As addisionele diens aan produsente beskik VKB ook oor droog- en skoonmaakgeriewe om nat en besmette graan te ontvang. Graan kan ontvang word



teen 'n gemiddeld van 4 900 ton/uur. Die swakker landboutoestande het tot gevolg gehad dat 'n beduidende laer hoeveelheid plaaslike graan ontvang is as tydens die vorige seisoen. Ten spyte hiervan kon die afdeling daarin slaag om deur nuwe inisiatiewe 'n groei in bedryfswins te bewerkstellig.

**GRAANBEMARKING**
VKB Graanbemarking is daarop gefokus om 'n omvattende diens aan produsente, graanhandelaars, meulenaars, veevoeraanlegte, internasionale handelaars en ander verwerkers te lewer. Hierdie diens, wat aan al die VKB-kliënte se behoeftes voldoen, word gerugsteun deur effektiewe stelsels, prosedures en 'n Safex-setel en word bedryf binne VKB Graan (Edms.) Bpk.

Die swakker landboujaar en die gevolglike groot styging in graan- en oliesaadpryse het reeds aan die einde van die afgelope finansiële jaar 'n wesenlike negatiewe effek op die resultate van Graanbemarking gehad. Die koste van kapitaal het byna verdubbel en hierdie tendens behoort ook voort te duur in die nuwe finansiële jaar, met 'n soortgelyke negatiewe effek.

**VERSEKERING**
Die Versekeringsdepartement bestaan uit 12 kantore wat beman word deur 12 opgeleide en ervare adviseurs. Versekeraars wie se produkte bemark word, sluit in Santam, Mutual & Federal, Hollard en Landmark.

Die kleiner oes het veral op oesversekering 'n negatiewe effek gehad. Hierdie laer inkomste uit oesversekering het 'n direkte negatiewe effek op versekering se resultate gehad. Met die uitsondering van oesversekering het die departement 'n baie goeie groei in inkomste getoon. Hierdie besigheid word binne VKB Brokers (Pty) Ltd bedryf.

**FINANSIERING**
As geregistreerde kredietverskaffer voldoen VKB se Finansieringsafdeling aan die gedragskode van die Nasionale Kredietreguleerder ("NCR"). Die kernfunksie van hierdie afdeling is om krediet te verskaf aan produsente, wat hulle in staat stel om hul produksie-insette te bekom ten einde landbouprodukte suksesvol en volhoubaar te kan produseer.

VKB bied aan die produsent 'n verskeidenheid mededingende en geskikte finansieringsprodukte, waaronder produksielenings, maandrekenings, termynlenings en kontrakgroeifinansiering. Met 'n debiteureboek van meer as R2 miljard lewer die afdeling 'n aansienlike bydrae om die Suid-Afrikaanse kommersiële en opkomende boere in staat te stel om winsgewend in die voedselketting te kan produseer.

Verhoudings en persoonlike kontak is van uiterste belang en 'n span van 15 bekwame kredietbestuurders sien om na die belange van produsente. Hulle spits hulle toe op gepaste, bekostigbare finansieringsoplossings vir die uiteenlopende behoeftes van die produsente.

**CROWN BAG (PTY) LTD**
Die Crown Bag (Pty) Ltd-fabriek, wat op Harrismith in die Vrystaat geleë is, vervaardig verpakkingsmateriaal. Die fabriek is in 1989 gestig. Die VKB Groep se belegging in hierdie maatskappy is in lyn met die Groep se strategie om te fokus op integrasiegeleenthede in die landbouwaardeketting en om getrou te bly aan sy identiteit as 'n produsentebesigheid. Die fabriek het die kapasiteit om maandeliks meer as ses miljoen sakke te vervaardig. Die skaalvoordele wat uit die kapasiteit voortspruit, verseker kostedoeltreffende verkryging van grondstowwe en verseker nie alleenlik die maatskappy se mededingende posisie in die mark nie, maar dra ook by tot die verlaging van insetkoste vir produsente.

**NAK-KOELSTOOR**
NAK-koelstoor is 'n verkoelingsfasiliteit vir aartappelsaad. Die koelstoor, wat op Bethal in Mpumalanga geleë is, lewer al meer as 40 jaar koelopberging en -diens aan die aartappelbedryf. VKB hou 'n 50%-belang in hierdie gesamentlike onderneming.

Die koelstoor het die kapasiteit om ongeveer 113 000 sakkies aartappelsaad, oftewel 2 500 palette, op te berg. Die koelstoor lewer 'n kwaliteitsdiens aan produsente teen mededingende tariewe en dra by tot die verlaging van insetkoste vir produsente.

**AE SOLUTIONS (PTY) LTD**
Agri-Enviro Solutions (Pty) Ltd ("AES"), met sy hoofkantoor in Centurion, beskik oor meer as 30 jaar omvattende ondervinding in verkope, diens en ondersteuning van analitiese toerusting in hoofsaaklik die landboubedryf. VKB besit 26% van die aandele in AES.

Die maatskappy bied 'n volledige oplossingsdiens met kundigheid deur spesialiste in die AES-span en 'n netwerk van eksterne kenners, indien nodig. Hierdie netwerk van kundigheid stel AES in staat om die beste gebruik te maak van die voorste tegnologie en innovasie in 'n wye verskeidenheid omstandighede en toestande.

Spesialiste wat in fabrieke opgelei is, verskaf volledige steun ten opsigte van toepassing en ontwikkeling van metodes vir alle analises en laboratoriums. 'n Span toegewyde diensingenieurs wat in fabrieke opgelei is, bied vinnige en kostedoeltreffende voorkomende instandhouding en tegniese steun in al die gebiede waar die maatskappy in bedryf is, insluitend Suid-Afrika, Sub-Sahara Afrika, Mauritius, Madagaskar en die Seychelle-eilande.

AES bied gereeld plaaslike en internasionale opleidingsprogramme aan kliënte ten opsigte van spesifieke analitiese tegnieke en toepassings.

**VKB FUELS (PTY) LTD**
VKB Fuels (Pty) Ltd is 'n nuutgestigte maatskappy waarin die VKB Groep se brandstof- en petroleumbesigheid voortaan bedryf sal word.



# Nywerhede-verslag

## VKB AGRI PROCESSORS (PTY) LTD



SAS KASSELMAN

### STRATEGIESE DOELWIT

VKB se Direksie het in 2010 ’n besluit geneem om verder in die waardeketting te integreer. Die fokus is om waarde toe te voeg tot die produkte wat in die VKB/NTK-gebied geproduseer word.

Tans is daar nege entiteite in die VKB Agri Processors (Pty) Ltd (“VKB Agri Processors”)-stal. Sowat 600 000 ton se produkte word jaarliks deur hierdie entiteite verwerk. Dit sluit die volgende primêre produkte in:

- Geelmielies
- Witmielies
- Sojabone
- Koring
- Hoender

VKB Agri Processors sluit die jaar af op ’n goeie winssyfer. Gemengde welslae is in die onderskeie nywerhede behaal en baie van die besighede is nog relatief jonk. Sommige van die nywerhede het buitengewone moeilike siklusse ervaar, soos die hoenderindustrie wat tans landswyd ’n krisis ervaar. Ander het weer floreer gedurende die droogtejaar en markgeleenthede uitstekend aangegryp.


Die struktuur van hierdie vertakking sien soos volg daar uit:

### HANDELSMERKE

Sterk fokus word geplaas op handelsmerkontwikkeling aangesien dit op die lang termyn enige bedryf se vermoë bepaal om moeilike markomstandighede te bowe te kom.

Hierdie portefeulje bevat verskeie gevestigde handelsmerke. Dit sluit die volgende in:

- Mieliemeel – Magnifisan, Flamingo, FarmFields, Imbali
- Koringmeel – Super Sure



- Brood – Super Sure
- Hoender – Grain Field Chickens
- Veevoer – TripleV en Nu-Pro

’n Sambreelhandelsmerk, wat spesifiek sal fokus op die hoëwaardeprodukte en onder die naam “Farmers Pride” sal ressorteer, is ontwikkel vir al die produkte. Al hierdie produkte sal met die VKB-kwaliteitsmerk bemark word.

## MARKOORSIG

### VKB MILLING (PTY) LTD (“VKB MILLING”)

VKB Milling bly die vlagskip in VKB Agri Processors se arsenaal en sluit die jaar af met ’n rekordwins. Die maatskappy vaar uitstekend ten spyte van moeilike markomstandighede, waaronder die prys van witmielies wat byna verdubbel het in die afgelope jaar. Goeie grondstofposisies, tesame met uitstekende kwaliteit, stel VKB Milling in staat om sy Magnifisanhandelsmerk uit te brei met goeie volumegroei en om sy uitgebreide kapasiteit ten volle te benut.

Ook **NTK-Venda Roller Mills (Pty) Ltd** beleef ’n goeie jaar met addisionele verkope wat deur die nuwe besigheidsmodel gegenereer word. Markaanvraag bly sterk weens ’n goeie aanvraag uit Zimbabwe, asook ’n laer aanbod in die gebied weens mededingers wat sukkel om met die hoë grondstofkoste mededingend te bly.

### GRAIN FIELD CHICKENS (PTY) LTD (“GFC”)

GFC sluit die jaar af met ’n klein verlies in teenstelling met die klein wins van die vorige jaar. Die maatskappy beleef ’n uitsonderlike moeilike jaar wat, alhoewel dit aanvanklik goed begin het, verswak het weens die markprys wat onder hewige druk gekom weens ’n ooraanbod van hoender. Dit word veroorsaak deur groeiende invoere vanaf Europa en gedurende die laaste kwartaal ook deur die addisionele tonnemaat vanaf die VSA wat ingevolge die AGOA-ooreenkoms ingevoer word.

Dit, tesame met die swakker vraag wat veroorsaak word deur laer besteebare inkomste, plaas verkooppryse onder hewige druk. Die prysverhoging van beide mielies en soja-oliekoek gedurende die afgelope jaar plaas die industrie in ’n hewige kosteknyptang, met kostes wat verhoog en verkooppryse wat verlaag.

GFC toon egter ’n goeie volumegroei gedurende die jaar en bereik die ontwerpkapasiteit van die produksie-eenheid. Fokus word geplaas om minder afhanklik te wees van die bevrore mark en die produksie van vars produk toon goeie groei gedurende die jaar.

### NU-PRO GROEP

Beide Nu-Pro Voere (Edms.) Bpk. en Nu-Pro Commodities (Pty) Ltd beleef ’n uitsonderlike goeie jaar waarin bogemiddelde finansiële prestasies behaal word. Dit word bereik deur goeie volumegroei asook die benutting van markgeleenthede in ’n stygende grondstofmark. Die Nu-Pro Groep se besigheid is gebou op stewige fondamente wat stabiele groei in die toekoms kan genereer.

### TRIPLEV ANIMAL FEEDS (PTY) LTD

Die veevoerfabriek lewer ’n gemiddelde prestasie met ’n billike opbrengs op kapitaal. Verskeie operasionele probleme word aangespreek gedurende die jaar en goeie volumegroei met tonne-uitset word bereik. Die fabriek voorsien hoofsaaklik GFC se kontrakgroeiers van braaikuikenvoer, maar ontwikkel ook gedurende die jaar ’n eksterne mark wat geleidelik groei en in die toekoms positief sal bydra tot die finansiële prestasie van die maatskappy.

### FREE STATE OIL (PTY) LTD (“FSO”)

FSO beleef ’n positiewe ommekeer gedurende die oorsigjaar. ’n Massiewe verlies gedurende die vorige jaar is omgekeer in ’n bedryfswins en ’n marginale verlies nadat koste van kapitaal in berekening gebring is. Die olie-ontgommingsaanleg is operasioneel en skep die voordeel dat die olie aan ’n wyer mark bemark kan word.

Markomstandighede was moeilik as gevolg van plaaslike graanpryse wat op baie hoë vlakke is weens die droogte. Daarteenoor is internasionale graanpryse op ’n agtjaarlaagtepunt weens hoë internasionale voorraadvlakke. Dit het die ingevoerde soja-oliekoek en -olie op baie kompeterende prysvlakke geplaas. Die situasie het verbeter gedurende die laaste kwartaal en die vooruitsigte lyk belowend vir die komende jaar.

### KROMDRAAI BEST MILLING (PTY) LTD (“KBM”)

VKB het gedurende Julie 2015 by hierdie entiteit betrokke geraak. Die sterk fokus om die besigheidsmodel meer winsgewend te maak, het veroorsaak dat tonnemaat verloor is wat nie winsgewend verwerk kon word nie. Met die doelwit om minder afhanklik te wees van die pryssensitiewe kleinhandelsegment, is vervolgens begin om vanaf ’n laer basis te bou.

Die inhuisbakkery presteer uitstekend en verdere geleenthede word in hierdie segment ondersoek. KBM sluit die jaar af op ’n klein wins, wat ’n goeie ommekeer is van die vorige twee jaar se resultate.

### VKB SEED (PTY) LTD (“VKB SEED”)

VKB Seed sluit die jaar af op ’n gemiddelde wins wat vergelykbaar is met die vorige twee jaar se prestasie. Die droogte het ’n bepaalde invloed op die verkope van koringsaad in die begin van die jaar gehad, alhoewel dit kan verander in die komende jaar. Heelwat operasionele verbeterings is gedurende die jaar in plek gestel.

Alhoewel die droëboneprojek die jaar afsluit op ’n verlies, was dit ’n strategiese besluit om betrokke te raak in hierdie bedryf aangesien beduidende tonne binne die VKB-gebied geproduseer word. Sterk fokus word geplaas op die verbetering van die besigheidsmodel en die vestiging van addisionele bemarkingskanale ten einde hierdie bedryf se sukses te verseker.

### NUWE ONTWIKKELINGS

Gedurende Januarie 2016 is ’n nuwe konsepwinkel, naamlik **VKB Foods**, in Sasolburg geopen. Die konsep behels dat VKB dit as ’n fabriekswinkel gebruik om al die produkte wat deur VKB Agri Processors vervaardig word, direk aan die publiek te bied. Die winkel toon goeie groei in die eerste vier maande en kan goeie geleenthede bied vir die toekoms as ’n addisionele bemarkingskanaal.

# Korporatiewe Beheer-verslag



RINA ERASMUS

## VERBINTENIS TOT KORPORATIEWE BEHEER

Die Direksie van VKB Landbou (Edms.) Bpk. is verbind tot verantwoordelike korporatiewe burgerskap en effektiewe korporatiewe beheer. Ten einde hieraan uitvoering te gee, onderskryf die Direksie die aanbevelings van die King Kodes van Korporatiewe Beheer, wat gebaseer is op die beginsels van deursigtigheid, integriteit, volhoubaarheid, billikheid en verantwoordbaarheid. Hierdie beginsels vorm dan ook die basis van die Groep se Etiese Gedragskode.

Die Direksie is die fokuspunt van die besigheid se korporatiewe beheer en is verantwoordelik teenoor alle belanghebbendes vir die bedryf en prestasie van die besigheid. 'n Korporatiewe kultuur van nakoming van wetgewing, beleid en prosedure is binne die VKB Groep gevestig. Die Direksie het 'n Rapporteringsbeleid om wanpraktyke te identifiseer, korrupsie en diefstal teen te werk en persone te beskerm wat ongerymdhede rapporteer.

## DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Gedurende die oorsigperiode het die Direksie uit 14 nie-uitvoerende direkteure en drie uitvoerende direkteure bestaan. Van die nie-uitvoerende direkteure word 13 deur lede van die betrokke wyke genomineer en verkies (Vrystaat – nege en Limpopo – vier). Mnr. Kobie Bekker dien as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur. Mnre. Koos Janse van Rensburg, die Besturende Direkteur: VKB Groep, en Markus Mittermaier, die Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep, sowel as dr. Moses Maine, die Direkteur: Transformasie, dien as uitvoerende direkteure op die Direksie.

Die Nominasiekomitee is behulpsaam met die identifisering van geskikte kandidate om as wyksdirekteure verkies te word en om te verseker dat die Direksie oor die nodige kundigheid beskik.

Die indeling van die wyke word in die Direkteursverslag aangetoon.

Op die eerste vergadering van die Direksie wat ná elke Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers gehou word, of wanneer dit nodig is, kies die direkteure uit hul geledere 'n Voorsitter en 'n Ondervoorsitter. Die Voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur. Vir die oorsigjaar is mnr. Paul Carshagen as Voorsitter en mnr. Coenraad Fick as Ondervoorsitter verkies.

Weens die verstryking van termyne het vakatures op die Raad van Direkteure ontstaan. Nominasies is aangevra en mnre. PG Carshagen, CF Fick, MC de Klerk, PJ Cronjé, JH du Preez en J van der Groot is onbestrede genomineer vir hulle onderskeie wyke en deur die Raad as verkose verklaar vir 'n verdere ampstermyn van drie jaar.

Die balans binne die Direksie is gesond en die rol van die Voorsitter is geskei van dié van die Besturende Direkteur. Die Voorsitter is verantwoordelik vir leierskap binne die Direksie en fasiliteer konstruktiewe skakeling tussen die Direksie, Bestuur en belanghebbendes. Die Besturende Direkteur is primêr verantwoordelik vir leiding aan die Bestuur in die implementering van strategie en die bedryf van die besigheid.

## PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die pligte en verantwoordelikhede van die Direksie is vervat in wetgewing en VKB se Direkteurshandves. Die Direksie bepaal die besigheid se strategie en is verantwoordelik om die Groep te lei ten einde uitvoering te gee aan hierdie strategie en die gepaardgaande bedryfsdoelwitte. Die Direksie monitor deurgaans die prestasie van die besigheid teenoor gestelde doelwitte, vorige jare en waar van toepassing, die industrie. Die Direksie monitor ook deurgaans die solvabiliteit en likiditeit van die Groep en die individuele entiteite.

Dit is die verantwoordelikheid van die Uitvoerende Bestuur om die besluite van die Raad van Direkteure te implementeer. 'n Besluitnemingsraamwerk deur die Direksie goedgekeur, delegeer sekere bevoegdhede en magte aan Bestuur. Die Direksie is voorts verantwoordelik om te verseker dat die maatskappy optree soos, en gesien word as, 'n verantwoordelike korporatiewe burger wat die volhoubaarheid van die maatskappy, gemeenskap en natuurlike omgewing beskerm en uitbou, en gegrond is op 'n etiese korporatiewe kultuur.

Aan die einde van elke jaar doen die Direksie 'n volledige jaarbeplanning vir die daaropvolgende jaar. Die Direksie vergader ten minste vier keer per jaar en addisionele vergaderings word geskeduleer indien nodig.

Tussen geskeduleerde vergaderings hou die Bestuur die Direksie op hoogte van belangrike verwikkelings wat die besigheid raak. Die direkteure het onbeperkte toegang tot alle inligting, rekords en hulpbronne

van die besigheid ten einde uitvoering te gee aan hulle verantwoordelikhede.

## ONAFHANKLIKHEID VAN DIREKSIE

Van direkteure word verwag om objektief en onafhanklik op te tree in die uitvoering van hulle pligte. 'n Direkteur van VKB wat in 'n ander hoedanigheid as direkteur, lid, geaffilieerde lid of behoorlik gemagtigde agent van VKB 'n belang het by 'n voorgestelde kontrak wat VKB oorweeg om aan te gaan, of 'n belang by 'n kontrak bekom nadat dit deur VKB aangegaan is, moet volle besonderhede betreffende die aard en omvang van sy belang bekend maak en mag nie ten opsigte van sodanige kontrak of voorgestelde kontrak met VKB, of 'n aangeleentheid wat daaruit voortspruit, stem nie en indien hy aldus stem, word sy stem nie getel nie. Die Direksie benoem jaarliks direkteure om op die direksies van filiale en ander ondernemings waarby die maatskappy 'n belang het, te dien. Direkteurskappe en belange verklaar deur direkteure word in 'n register aangeteken wat vir hierdie doel bygehou word.

## EVALUASIE EN OPLEIDING VAN DIREKTEURE

'n Formele evaluasie van die Direksie word jaarliks gedoen. Die resultate word ontleed en indien tekortkominge geïdentifiseer word, word dit toepaslik aangespreek.

Die evaluasie gedurende die oorsigtydperk het positiewe resultate opgelewer en geen wesenlike tekortkominge is geïdentifiseer nie. Die Direksie evalueer deurlopend sy eie prestasie sowel as die prestasie van komitees.

Vanweë die omvattende verantwoordelikhede van direkteure, word die Direksie deurentyd op hoogte gebring van nuwe wetgewing en verwikkelings wat die besigheid raak. Die Direksie het gedurende die oorsigtydperk opleiding oor relevante wetgewing en korporatiewe beheer ontvang.

## KOMITEES

Die Direksie het die volgende komitees gevestig om effektiewe besluitneming te fasiliteer en om die Direksie by te staan in die uitvoering van sy pligte en verantwoordelikhede:

- Oudit- en Risikokomitee
- Menslike Hulpbronnekomitee
- Nominasiekomitee
- Sosiale- en Etiekkomitee
- Limpopo Advieskomitee
- Graanbedryf Advieskomitee

Die komitees funksioneer volgens goedgekeurde verwysingsraamwerke wat van tyd tot tyd deur die Direksie hersien word. Tensy daartoe gemagtig deur wetgewing, het die komitees nie besluitnemingsbevoegdheid nie en maak slegs aanbevelings aan die Direksie. Die voorsitters en lede van die onderskeie komitees word deur die Direksie verkies na gelang van hul kundigheid op 'n spesifieke terrein. Die onderskeie voorsitters hou die beraadslagings en aanbevelings van die komitees aan die Direksie voor.

## AANDEELHOUDING

VKB word besit deur sy nagenoeg 3 900 aandeelhouers, waarvan ongeveer 1 000 produsente wat voorheen aandeelhouers van NTK was, produsente in die Limpopo-gebied is. Die maatskappy volg 'n unieke aansporingskortingsmodel waarvolgens voorkeuraandele en skuldbriewe jaarliks aan kliënte toegeken word in verhouding tot die besigheid wat hulle met die Groep doen.

## RISIKOBESTUUR EN VOLHOUBAARHEID

Die maatskappy bestuur sy risiko's op 'n proaktiewe grondslag. 'n Geskeduleerde program van risikobeoordeling word jaarliks gevolg, waartydens risiko's gekwantifiseer, geprioritiseer en in 'n Risikobestuursplan vervat word.

Die Direksie bepaal die risiko-aptyt van die maatskappy. Alhoewel die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling, implementering en beoordeling van die Risikobestuursplan aan die Bestuur gedelegeer is, keur die Direksie die Risikobestuursplan goed en is dit sy verantwoordelikheid om te verseker dat die plan formeel





# Korporatiewe Beheer-verslag (vervolg)

gedokumenteer word. Die Oudit- en Risikokomitee evalueer die effektiwiteit van die plan op 'n deurlopende basis, kontroleer die implementering en nakoming daarvan en gee terugvoer aan die Direksie. Bestuur gee ook voortdurend aandag aan risikobestuur en dit vorm 'n staande item op die agenda van bestuursvergaderings. Die Interne Oudit-afdeling vervul 'n kritiese rol in die onderneming se interne beheer en risikobestuur.

Die volhoubaarheid van die VKB Groep bly die belangrikste aspek van die Direksie se verantwoordelikhede. Die Direksie het 'n langtermynstrategie aanvaar ten einde hieraan uitvoering te gee. Volhoubaarheidsinligting word voortdurend aan die Direksie verskaf en krities beoordeel ten einde te verseker dat die voorwaartse inligting 'n behoorlike begrip verskaf van die sleutelaandrywers wat die maatskappy in staat sal stel om sy doelwitte te behaal, dat die inligting betroubaar is en dat geen teenstrydighede met die geopenbaarde finansiële inligting voorkom nie.

## NAKOMING VAN WETGEWING

Die Direksie neem verantwoordelikheid vir die nakoming van alle toepaslike wetgewing en regulatoriese vereistes. Die regsafdeling gee deurlopend aandag aan die kritieke regulatoriese risiko-areas as deel van die gevestigde risikobestuursproses. Deurlopende bewusmaking, opleiding en skakeling tussen die afdelings rakende nakoming vind plaas en gerusstelling word aan die Direksie voorsien deur middel van die komiteestrukture.

## IT-BEHEER

As 'n integrale deel van die risikobestuursraamwerk verseker die Direksie die aktiewe bestuur van die IT-beheerraamwerk deur 'n span IT-personeel en -spesialiste. IT-beheer is 'n staande punt op die agenda van die Oudit- en Risikokomitee en die hersiening van IT-verwante kontroles is in die Interne Ouditplan ingesluit. Uitgebreide besigheids- en IT-ramp-herstelprosesse is reeds gevestig.

## SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT

Die Direksie, met die hulp van die Oudit- en Risikokomitee, monitor deurgaans die solvabiliteit en likiditeit van die individuele entiteite en die Groep met inagneming van alle redelik voorsienbare finansiële omstandighede van die maatskappy. Hierdie omstandighede sluit in of die maatskappy se bates sy laste oorskry op 'n gegewe tydstip en of die maatskappy in staat sal wees om sy verpligtinge na te kom wanneer dit in die gewone loop van besigheid verskuldig word vir 'n tydperk van twaalf maande ná die datum waarop die toets oorweeg word.

## VERHOUDING MET BELANGHEBBENDES

Verskeie kanale reguleer die kommunikasie, verhoudings en skakeling van VKB met sy belanghebbendes, wat insluit aandeelhouers, werknemers, kliënte, verskaffers, die gemeenskap en die regering. VKB se webtuiste, *www.vkb.co.za*, en tweemaandelikse nuusbrief, *Die Pad Saam*, sowel as 'n massa-SMS-diens en boodskappe op state word onder meer gebruik as skriftelike kommunikasiemedia.

Die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers word deur 'n reeks inligtingsvergaderings in die Vrystaat- en Limpopo-bedieningsgebiede voorafgegaan, waartydens aandeelhouers op hoogte gebring word van verwikkelings binne die besigheid.

VKB beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die Groep se skakelbeampte.

## VERKLARING VAN DIREKSIE

Die Direksie erken sy verantwoordelikheid om die integriteit van die jaarverslag te verseker. Die Direksie het die jaarverslag dienooreenkomstig oorweeg en is van mening dat die jaarverslag al die wesenlike aspekte aanspreek en 'n billike weergawe is van die geïntegreerde prestasie van die besigheid en sy impakte.

Die jaarverslag is in alle wesenlike opsigte voorberei ooreenkomstig goeie praktyk voortspruitend uit die aanbevelings van die King Kodes. Die Direksie magtig hiermee die uitreiking van die jaarverslag.

Adv. SC Erasmus (mev.)
**Groep Maatskappysekretaris**



# Sosiale- en Etiekkomitee-verslag




Hierdie verslag inkorporeer die statutêre verantwoordelikhede van Sosiale- en Etiekkomitees, soos vervat in Artikel 72 van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008. Hierdie komitee het as die Sosiale- en Etiekkomitee opgetree vir VKB Landbou (Edms.) Bpk. en Grain Field Chickens (Pty) Ltd ("GFC").

## SAMESTELLING

Die komitee bestaan uit ten minste drie direkteure of voorgeskrewe beamptes waarvan ten minste een direkteur nie-uitvoerend is, welke direkteur nie 'n uitvoerende direkteur van die maatskappy was gedurende die vorige drie finansiële jare nie. Die Raad van Direkteure kan van tyd tot tyd kundiges tot die komitee koöpteer of as lede van die komitee aanstel. Gedurende die oorsigtydperk het die komitee uit vier nie-uitvoerende direkteure bestaan, naamlik DJ Kriek, G Steyn, JH du Preez en GF Bester. Die Voorsitter van die Direksie, Besturende Direkteur en ander lede van die Uitvoerende Bestuur woon ook die vergaderings by. Die Voorsitter woon die Algemene Jaarvergadering by en rapporteer aan die aandeelhouers oor die komitee se bedrywighede.

## MANDAAT EN VERANTWOORDELIKHEDE

Die komitee is gestig ooreenkomstig die voorskrifte van Regulasie 43 van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008, en voer sy pligte en verantwoordelikhede daarvolgens uit. Daarbenewens het die komitee ook verantwoordelikhede ten opsigte van korporatiewe beheer soos deur die Direksie gedelegeer aan die komitee.

Ten opsigte van sy mandaat moet die komitee die maatskappy se aktiwiteite monitor met inagneming van relevante wetgewing, ander wetlike vereistes en/of toepaslike kodes van beste praktyk met betrekking tot aangeleenthede wat verband hou met:

- Sosiale en ekonomiese ontwikkeling en bemagtiging, insluitende die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging.
- Goeie korporatiewe burgerskap, insluitende die maatskappy se:
  a) Bevordering van gelykheid, voorkoming van onbillike diskriminasie en uitskakeling/vermindering van korrupsie.
  b) Bydrae tot ontwikkeling van die gemeenskappe waarin die maatskappy sy bedrywighede beoefen of sy produkte of dienste bemark.
  c) Rekord van borgskappe, donasies en welsynsbydraes.
- Die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, insluitende die impak van die maatskappy se bedrywighede en die impak van sy produkte of dienste.
- Verhoudings met verbruikers, insluitende die maatskappy se bemarking, openbare betrekkinge en nakoming van Verbruikerswetgewing.
- Arbeid en werkverrigting, insluitende:
  a) Die maatskappy se posisie ten opsigte van die *International Labour Organisation Protocol* oor goeie werk en werkomstandighede.
  b) Die maatskappy se verhoudings binne die werkplek en sy bydrae tot die opvoedkundige ontwikkeling van sy werknemers.

## VERSLAG

Die komitee, tesame met die Direksie en ander komitees, het alle pligte en verantwoordelikhede, soos hierbo uiteengesit, uitgevoer. Die volgende aspekte is gemonitor:

### SOSIALE EN EKONOMIESE ONTWIKKELING

***Sosio-ekonomiese ontwikkeling***

VKB en GFC lewer 'n daadwerklike bydrae tot die verbetering van die lewensgehalte van die gemeenskappe waarin hulle bedrywighede beoefen word, deur vaardigheids-, besigheids- en sportontwikkelingsprogramme. Een aspek hiervan is die bedryf van verskeie suksesvolle projekte ter ondersteuning van opkomende produsente. VKB is ook betrokke by die regering se herkapitaliserings- en ontwikkelingsprojekte. Gedurende die afgelope jaar het VKB talle opkomende produsente ondersteun met die verbouing van onder meer somergewasse. VKB bied aan hierdie produsente deurlopende advies, finansiële ondersteuning en mentorskap met die doel om van hulle volwaardige kommersiële produsente te maak. Beide die provinsiale en nasionale regering asook verskeie ander ontwikkelingsdeelgenote ondersteun VKB se pogings in hierdie verband. Opkomende produsente is ook in samewerking met die regering met groot sukses by die braaikuikenprojek betrek.

***Borgskappe, donasies en welsynsbydraes***

Die besigheid beskik oor 'n Korporatiewe Maatskaplike Investeringsbeleid waarvolgens begroot word

vir projekte wat 'n daadwerklike, positiewe impak op die gemeenskappe in sy bedieningsgebied het. Gedurende die oorsigjaar het die besigheid meer as R5 408 199 aan vaardigheidsontwikkeling, maatskaplike bystandsprogramme en sportontwikkeling spandeer. 688 werknemers het opleiding ontvang gedurende die oorsigtydperk.

VKB het voorts gedurende die oorsigjaar R509 702 in borgskappe vir skole belê. VKB is ook die naamborg van verskeie rugbyweke in die Oos-Vrystaat asook 'n krieketweek, 'n munisipale sokkerliga en is die hoofborg van die Knights Krieketspan.

Skoue en feeste, wat deel uitmaak van die karakter en tradisie van verskeie dorpe in ons bedieningsgebied, bied ook aan VKB die geleentheid om deur borgskappe substansie aan hierdie skoue en feeste te gee en te verseker dat dit vir die gemeenskappe behoue bly. Die feeste dien ook as 'n forum om ons gebied vir moontlike toekomstige beleggers te bemark. VKB was in die oorsigjaar hoofborg van die VKB Bieliemieliefees. VKB se betrokkenheid voeg op hierdie wyse waarde toe vir die mense van die streek. Die maatskappy het gedurende die oorsigjaar R162 500 in borgskappe van skoue en feeste belê. VKB is ook aktief betrokke by Vrystaat Landbou. Gedurende die oorsigjaar is R302 750 vir hulle Veiligheidsfonds bewillig en is ondersteuning aan Vrystaat Landbou se jaarlikse Kongres en Jongboer van die Jaarkongres verleen. VKB ondersteun ook 'n verskeidenheid ander instansies in die landboubedryf deur kongresse te borg (R247 300 vir die oorsigjaar). Die maatskappy het voorts 'n R1 miljoen-bydrae gemaak tot die Droogtehulpfonds ten bate van boere.

Wyksdirekteure van VKB is ook aktief in hul onderskeie streke betrokke om behoeftige en verdienstelike instansies te ondersteun. Dit behels borgskappe van verskeie sportverenigings en -klubs, ouetehuise, skole asook verskeie welsynsorganisasies, soos onder meer Kansa- en OVV-projekte. Die totale investering tydens die oorsigjaar was ongeveer R217 600. Ondersteuning aan boereverenigings het nagenoeg R170 400 beloop.

In die Limpopo-gebied is 'n totale bedrag van R678 856 gedurende die oorsigjaar bewillig vir borgskappe, donasies en welsynsbydraes.

GFC het gedurende die oorsigjaar R28 570 in borgskappe vir sportspanne, aankoop van sporttoerusting, donasies en afslag spandeer.

## WET OP GELYKE INDIENSNEMING

Die besighede rapporteer jaarliks aan die Departement van Arbeid in hierdie verband. 'n Plan met doelwitte word jaarliks opgestel en deur die Direksie goedgekeur, waarna dit by die Departement van Arbeid ingedien word.

Gedurende die afgelope jaar is die gestelde doelwitte bereik en dienooreenkomstig vordering gemaak.

VKB en GFC voldoen aan die wetgewing en wend daadwerklike pogings aan om ook in die toekoms vordering in hierdie verband te maak.

## WET OP SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

VKB is gedurende die oorsigjaar as 'n vlak 8-bydraer geklassifiseer en GFC as 'n vlak 6-bydraer. Voortdurende en volgehoue pogings word aangewend om op hierdie gebied vordering te maak. Vanweë die maatskappy se investering in vaardigheidsontwikkeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling, het die maatskappy reeds gedurende die oorsigjaar die maksimum punte op hierdie pilare verdien. Op 1 Mei 2015 het die nuwe Kodes in werking getree. Hiervolgens is die elemente verminder van sewe na vyf, waarvan drie prioriteitselemente is waarop besighede 'n subminimum moet behaal om nie gepenaliseer te word met een of meer vlakke nie.

VKB se doelwit vir 2016/17 is om as 'n vlak 6-bydraer geklassifiseer te word en GFC as 'n vlak 5-bydraer. Die vereiste aksieplanne ten opsigte van die verskillende pilare word hiervoor in plek gestel.

## GOEIE KORPORATIEWE BURGERSKAP

***Etiese Gedragskode***

Die Groep beskik oor 'n Etiese Gedragskode wat deurgaans aan personeel gekommunikeer word. Hierdie kode onderskryf die beginsels









# Sosiale- en Etiekkomitee-verslag (vervolg)

waarvolgens die Groep sy besigheid bedryf. Die maatskappy streef daarna om gesonde verhoudings met alle belanghebbendes te handhaaf. Die Direksie is voorts tevrede dat voldoende en toepaslike oorweging deurgaans binne die besigheid aan die erkenning van menseregte, billike arbeidspraktyke, die omgewing en die bekamping van korrupsie gegee word.

Laasgenoemde word voldoende en op 'n toepaslike wyse binne die besigheid aangespreek deur:

- Eksterne kommunikasie (byvoorbeeld die Jaarverslag) om deursigtigheid van die besigheid se aktiwiteite te bevorder
- Voldoende interne beheermaatreëls
- Toepaslike rekeningkundige praktyke
- Onafhanklike eksterne oudit
- Rapporteringsbeleid ("Whistle blowing")

***Beleide***

Die komitee het onder meer die toepassing van die volgende beleide binne die besigheid gemonitor:

- Rapporteringsbeleid
- Aankoop- en Tenderbeleid
- Omgewingsbeleid
- Beroepsgesondheids- en -Veiligheidsbeleid
- Korporatiewe Maatskaplike Investeringsbeleid

***Aankope***

Die maatskappy volg 'n Aankoop- en Tenderbeleid wat eerlike, deursigtige en prysmededingende aankoopprosesse voorskryf, met spesifieke maatreëls vir die voorkoming van korrupsie en bedrog.

## DIE OMGEWING, GESONDHEID EN OPENBARE VEILIGHEID, INSLUITENDE DIE IMPAK VAN DIE MAATSKAPPY SE BEDRYWIGHEDE EN DIE IMPAK VAN SY PRODUKTE OF DIENSTE

Die maatskappy beskik oor 'n Omgewingsbeleid waarvolgens die VKB Groep tot die beskerming van die omgewing en die vermindering van die impak van die Groep se aktiwiteite op die omgewing verbind is. Dit sluit onder meer energiedoeltreffendheid, afvalbeheer, herwinning en die effektiewe aanwending van hulpbronne in. Voorts voldoen die besigheid aan die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid en die nodige beleide en kodes word in hierdie verband nagekom.

## ARBEID EN WERKVERRIGTINGE ("LABOUR AND EMPLOYMENT")

Die maatskappy handhaaf die protokol van die *International Labour Organisation* rakende goeie werk en werkomstandighede, wat die volgende beginsels voorstaan:

- Vryheid van assosiasie en erkenning van die reg tot kollektiewe bedinging
- Vermyding van alle vorme van gedwonge arbeid
- Verbod op kinderarbeid
- Vermyding van alle vorme van diskriminasie

Voorts streef die besigheid daarna om gesonde verhoudings binne die werkplek te bevorder. Die VKB Groep investeer in die opvoedkundige ontwikkeling van sy werkmag en het gedurende die oorsigjaar R7 079 053 spandeer aan die opleiding van personeel (1 075 werknemers het formele opleiding ontvang). Die maatskappy het ook 'n gevestigde projek waar leerlingskappe aangebied word. Lede van die gemeenskap wat hierdie programme suksesvol voltooi, word daarna permanent in diens geneem.

GFC bied beide interne sowel as eksterne opleiding aan personeel en verskaffers. Ongeveer R1,5 miljoen is aan opleiding spandeer, wat deur derde partye aangebied is en sluit die volgende in: Vurkhyserdrywers, brandbestryding, PME's ("Poultry Meat Examiners"), PMI's ("Poultry Meat Inspectors"), voedselveiligheid, Verbruikersbeskermingswet sowel as beroepsgesondheid en -veiligheid.

GFC belê ook in tersiêre opleiding wat hoofsaaklik gerig is op bemarking, algemene bestuur, kommersiële reg en finansies. Interne opleiding vind deurlopend plaas en word ook na produsente uitgebrei in die vorm van advies en bystand deur die operasionele bestuurder, die tegniese adviseur, die veearts en van tyd tot tyd ervare derde partye.



DJ Kriek
**Voorsitter: Sosiale- en Etiekkomitee**

# Oudit- en Risikokomitee-verslag

Hierdie verslag inkorporeer die statutêre verantwoordelikhede van ouditkomitees, soos vervat in Artikel 94 van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008. Hierdie komitee het as die Oudit- en Risikokomitee opgetree vir VKB Landbou (Edms.) Bpk., sy filiale en verwante maatskappye, met die uitsondering van NTK-Venda Roller Mills (Pty) Ltd, wat 'n onafhanklike Oudit- en Risikokomitee het.

## SAMESTELLING

Die komitee bestaan uit ten minste drie direkteure wat tydens die Algemene Jaarvergadering deur die aandeelhouers op aanbeveling van die Raad van Direkteure aangestel word. Die Raad van Direkteure kan ook van tyd tot tyd kundiges tot die komitee koöpteer of as lede van die komitee aanstel.

Gedurende die oorsigtydperk het die komitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure (CF Fick – Voorsitter, JCP Bekker, ID Dreyer en LJ Eksteen), sowel as 'n onafhanklike kundige, prof. B Marx. Die Voorsitter van die Direksie, Besturende Direkteur, Uitvoerende Direkteur: Finansies, Bestuurder: Interne Oudit, verteenwoordigers van die eksterne ouditeure en Interne Oudit, sowel as senior bestuurslede, woon die vergaderings by. Die komitee het drie keer gedurende die oorsigtydperk vergader, waartydens die begrotings, finansiële jaarstate en risikobestuursplan benewens ander aangeleenthede oorweeg is.

Die interne en eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die Voorsitter van die komitee en lewer deurlopend verslag aan Bestuur. Die Voorsitter en die eksterne ouditeure woon die Algemene Jaarvergadering by om enige vrae oor die besigheid se finansiële sake en jaarstate te beantwoord.

## MANDAAT EN VERANTWOORDELIKHEDE

Ten opsigte van sy mandaat het die komitee die volgende pligte en verantwoordelikhede:

1. Om te verseker dat die onderneming se finansiële beplanning, bestuur en rapportering korrek en effektief is en in ooreenstemming is met toepaslike rekeningkundige beleide en internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde.
2. Die finansiële state, rekeningkundige praktyke, beleide en prosedures, asook die effektiwiteit van interne finansiële kontroles te oorweeg en te hersien.
3. Aanbevelings oor die aanstelling van eksterne ouditeure te maak en hulle fooie te bepaal.
4. Die onafhanklikheid en effektiwiteit van die eksterne ouditeure te oorweeg, enige nie-ouditwerk deur sodanige ouditeure te oorweeg en te bepaal of die lewering van sodanige dienste hul onafhanklikheid wesenlik sal beïnvloed.
5. Die jaarlikse ouditplan en ouditbegroting te aanvaar.
6. Die effektiwiteit van bestuursinligting, die jaarlikse oudit, die interne ouditprogram en interne kontrolestelsel te beoordeel.
7. Te verseker dat die rolle van interne en eksterne oudit op gepaste wyse gedefinieer en geskei is.
8. Nakoming van toepaslike wetgewing en regulatoriese aspekte te monitor.
9. Evaluering van die geïntegreerde verslae en IT-beheerraamwerk.
10. Behoorlike openbaarmaking, kommunikasie met belanghebbendes en rapportering te verseker.
11. Die Direksie behulpsaam te wees om te verseker dat die onderneming 'n effektiewe beleid en plan vir risikobestuur implementeer ten einde te help om sy strategiese doelstellings te bereik en ook te verseker dat die openbaarmaking rondom risiko's volledig, tydig en relevant is.
12. Om deurgaans die solvabiliteit en likiditeit van die maatskappy en die Groep, met inagneming van alle redelik voorsienbare finansiële omstandighede, te oorweeg.

## VERSLAG

Die komitee het alle pligte, soos hierbo uiteengesit, uitgevoer. Die komitee is verder tevrede dat die 2016-oudit wat deur die eksterne ouditeure uitgevoer is, onafhanklik was en stem saam met die ouditverslag wat uitgereik is.

Voorts het die komitee die geïntegreerde verslag oorweeg en is tevrede dat:

1. Al die faktore en risiko's, wat moontlik 'n impak kan hê op die integriteit van die jaarverslag, in ag geneem is.
2. Die finansiële state die posisie van die besigheid en die Groep korrek weergee.
3. Die finansiële funksie sowel as die interne finansiële en ander kontroles voldoende is en effektief funksioneer.
4. Die volhoubaarheidsaangeleenthede wat in hierdie verslag geopenbaar is, betroubaar is en nie in konflik met finansiële inligting is nie.
5. Die rapportering van risikobestuur, soos ingesluit in hierdie verslag, tydig, volledig en relevant is.

CF Fick
**Voorsitter: Oudit- en Risikokomitee**





# Direkteure se verantwoordelikhede en goedkeuring

Die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet No. 71 van 2008, bepaal dat die direkteure voldoende rekeningkundige rekords in stand moet hou en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die verkorte finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hulle verantwoordelikheid om te verseker dat die verkorte finansiële jaarstate ter voldoening aan die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFRS") 'n redelike weergawe is van die stand van die Groep se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het. Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die verkorte finansiële jaarstate uit te spreek.

Die verkorte finansiële jaarstate is ooreenkomstig die IFRS opgestel en is gegrond op 'n toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is.

Die direkteure erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die Groep ingestel is en plaas groot klem op die handhawing van streng beheer. Ten einde die direkteure in staat te stel om die vereiste verantwoordelikhede na te kom, stel die Direksie standaarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verminder. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deurgaans in die Groep gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die Groep se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die Groep se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die Groep. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die Groep om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die direkteure is op grond van die inligting en verduidelikings deur Bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat op die finansiële rekords gesteun kan word vir die opstel van die verkorte finansiële jaarstate. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute versekering nie, teen enige beduidende wanverklaring of verlies bied.

Die direkteure het die Groep se kontantvloeivoorspelling vir die jaar tot 31 Maart 2017 nagegaan en is in die lig van die nasiening en die huidige finansiële posisie oortuig dat die Groep toereikende middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede in die voorsienbare toekoms voort te sit.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike oudit van die Groep se verkorte finansiële jaarstate en om daaroor verslag te doen. Die Groep se eksterne ouditeure het 'n onafhanklike oudit uitgevoer op hierdie verkorte finansiële jaarstate en hul verslag word op bladsy 35 aangebied.

Die verkorte finansiële jaarstate wat op bladsye 38 tot 40 uiteengesit word en volgens die lopende saakbeginsel opgestel is, is op 21 Junie 2016 deur die Direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:

PG Carshagen
**Voorsitter**

CF Fick
**Ondervoorsitter**

Verklaring van verantwoordelikheid deur die Groep Maatskappysekretaris:

Ingevolge Artikel 88(2)(e) van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008, word gesertifiseer dat die maatskappy die voorgeskrewe opgawes en kennisgewings ingevolge die wet ingedien het, en dat sodanige opgawes en kennisgewings blyk juis, korrek en op datum te wees.

Adv. SC Erasmus (mev.)
**Groep Maatskappysekretaris**

# Direkteure se verslag

Dit is vir die direkteure aangenaam om hul verslag oor die Groep se verkorte finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2016 in te dien.

## 1. OORSIG VAN FINANSIËLE RESULTATE EN AKTIWITEITE

Die gekonsolideerde verkorte finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met IFRS en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet No. 71 van 2008. Die rekeningkundige beleid was konsekwent toegepas in vergelyking met die vorige jaar, behalwe vir die vroeë toepassing van IFRS 9.

## 2. AANDELEKAPITAAL

| | Getal aandele | |
|---|---|---|
| | 2016 | 2015 |
| **GEMAGTIG** | '000 | '000 |
| Gewone aandele | **25 000** | 25 000 |
| Klas 2-voorkeuraandele | **2 000 000** | 2 000 000 |
| Klas 3-voorkeuraandele | **500 000** | 500 000 |
| Klas 4-voorkeuraandele | **500** | - |

| | 2016 | 2015 |
|---|---|---|
| **UITGEREIK** | R'000 | R'000 |
| Gewone aandele | **19 550** | 18 655 |
| Klas 2-voorkeuraandele | **1 213 598** | 1 068 740 |
| Klas 3-voorkeuraandele | **286 549** | 289 695 |
| Klas 4-voorkeuraandele | **-** | - |
| Skuldbriewe | **5 152** | 4 527 |
| | **1 524 849** | 1 381 617 |

## 3. DIVIDENDE

'n Voorkeurdividend van R30 miljoen (2015: R20 miljoen) is verklaar tydens die oorsigtydperk.

## 4. DIREKTORAAT

Die direkteure in amp op die datum van hierdie verslag is soos volg:

| **NIE-UITVOEREND** | **WYK** |
|---|---|
| PG Carshagen – Voorsitter | Wyk 1 – Reitz |
| CF Fick – Ondervoorsitter | Wyk 1 – Reitz |
| PJF de Villiers | Wyk 2 – Bethlehem, Daniëlsrus, Kestell en Qwaqwa |
| ID Dreyer | Wyk 3 – Vrede, Memel en Ascent |
| GF Bester | Wyk 4 – Petrus Steyn, Heilbron, Senekal en Lindley |
| G Steyn | Wyk 5 – Warden, Harrismith, Bergville en Verkykerskop |
| DJ Kriek | Wyk 6 – Frankfort en Tweeling |
| MC de Klerk | Wyk 7 – Jim Fouché, Oranjeville en Windfield |
| PJ Cronjé | Wyk 8 – Cornelia en Villiers |
| PJ Jacobs | Wyk 15 – Limpopo |
| JH du Preez | Wyk 15 – Limpopo |
| LJ Eksteen | Wyk 15 – Limpopo |
| J van der Goot | Wyk 15 – Limpopo |
| JCP Bekker | Onafhanklik |

| **UITVOEREND** | |
|---|---|
| JF Janse van Rensburg | Besturende Direkteur: VKB Groep |
| MJ Mittermaier | Uitvoerende Direkteur: Finansies VKB Groep |
| ML Maine | Direkteur: Transformasie |



Die voorgeskrewe beamptes in amp op die datum van hierdie verslag is soos volg:

JF Janse van Rensburg
MJ Mittermaier
JM Kasselman
FN Swanepoel
GFVL Froneman

## 5. GEBEURE NA VERSLAGDOENINGSDATUM

Die VKB Groep het na jaareinde 'n belang van 51% in Lomina Vyf (Edms.) Bpk., handeldrywend as Farmpack, bekom.

Op 1 April 2016 het VKB Landbou (Edms.) Bpk. (Reg. No.: 2011/007000/07) se naam verander na VKB Beleggings (Edms.) Bpk., en al sy landboubates en laste, uitgesluit vaste eiendom, is verkoop aan die nuutgestigte maatskappy, VKB Landbou (Edms.) Bpk. (Reg. No.: 2015/165238/07).

## 6. LOPENDE SAAK

Die direkteure glo dat die Groep oor voldoende finansieringsbronne beskik om met besigheid voort te gaan in die afsienbare toekoms. Die finansiële jaarstate is dus volgens die lopende saak-beginsel opgestel. Die direkteure is nie bewus van enige wesenlike veranderings wat die Groep negatief sal beïnvloed nie. Die direkteure is ook nie bewus van enige nienakoming van enige statutêre of regulatoriese vereistes, of enige hangende litigasie wat die Groep moontlik kan beïnvloed nie.

## 7. OUDITEURE

Enslins Bethlehem Ingelyf het voortgegaan in amp as eksterne ouditeure vir die maatskappy en sy filiale vir 2016.

By die Algemene Jaarvergadering sal die aandeelhouers versoek word om Enslins Bethlehem Ingelyf weer aan te stel as eksterne ouditeure van die maatskappy en om mnr. PJ Steyn GR(SA) te bevestig as die aangewese hoof-ouditvennoot vir die 2017 finansiële jaar.

## 8. SEKRETARIS

Die Groep Maatskappysekretaris is adv. SC Erasmus.

| | |
|---|---|
| Posadres: | Posbus 100<br>REITZ<br>9810 |
| Fisiese adres: | President CR Swartstraat 31<br>REITZ<br>9810 |

## 9. VERKORTE FINANSIËLE JAARSTATE

Die verkorte finansiële jaarstate is opgestel deur mnr. M Julyan AGA(SA). Die volledige finansiële jaarstate is beskikbaar op aanvraag by die Groep Maatskappysekretaris. Die inligting in hierdie verslag is nie aan 'n onafhanklike oudit of oorsig onderwerp nie.

# Gekonsolideerde staat van finansiële posisie

**SOOS OP 31 MAART 2016**

| | Groep 2016 R'000 | Groep 2015 R'000 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| *Niebedryfsbates* | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **1 117 496** | 758 066 |
| Klandisiewaarde | **81 511** | 61 165 |
| Ontasbare bates | **6 244** | 2 926 |
| Beleggings in gesamentlike ondernemings | **32 161** | 23 651 |
| Beleggings in geassosieerdes | **3 225** | 2 560 |
| Lenings aan groepmaatskappye | **2 973** | - |
| Ander finansiële bates | **18 619** | 11 986 |
| Handelsdebiteure: Lang termyn | **85 001** | 81 495 |
| Uitgestelde belasting | **184 402** | 152 180 |
| | **1 531 632** | 1 094 029 |
| *Bedryfsbates* | | |
| Voorraad | **1 348 401** | 842 427 |
| Lenings aan groepmaatskappye | **36** | 165 |
| Handels- en ander debiteure | **2 758 052** | 2 192 094 |
| Ander finansiële bates | **2 269** | 1 416 |
| Inkomstebelasting ontvangbaar | **4 505** | 10 228 |
| Kontant en kontantekwivalente | **185 544** | 56 281 |
| | **4 298 807** | **3 102 611** |
| *Totale bates* | **5 830 439** | **4 196 640** |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **EKWITEIT** | | |
| *Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy* | | |
| Aandelekapitaal | **1 524 849** | 1 381 617 |
| Reserwes | **71 722** | 16 680 |
| Behoue inkomste | **299 329** | 211 790 |
| | **1 895 900** | 1 610 087 |
| Niebeherende belang | **91 752** | (10 010) |
| | **1 987 652** | **1 600 077** |
| **LASTE** | | |
| *Niebedryfslaste* | | |
| Lenings van onafhanklike aandeelhouers | **49 329** | 33 480 |
| Ander finansiële laste | **111 520** | 154 784 |
| Bruikhuurverpligtinge | **13 222** | 17 590 |
| Na-aftredeverpligting | **98 430** | 96 911 |
| Uitgestelde belasting | **100 907** | 72 056 |
| | **373 408** | **374 821** |
| *Bedryfslaste* | | |
| Handels- en ander krediteure | **607 526** | 614 897 |
| Ander finansiële bates | **703 077** | 351 545 |
| Bruikhuurverpligtinge | **6 674** | 7 866 |
| Inkomstebelasting betaalbaar | **7** | 2 788 |
| Kontant en kontantekwivalente | **2 152 095** | 1 244 646 |
| | **3 469 379** | **2 221 742** |
| *Totale laste* | **3 842 787** | **2 596 563** |
| *Totale ekwiteit en laste* | **5 830 439** | **4 196 640** |

# Gekonsolideerde staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2016

| | Groep | |
|---|---|---|
| | 2016<br>R'000 | 2015<br>R'000 |
| Omset | **11 140 429** | 9 638 749 |
| Koste van verkope | **(10 170 286)** | (8 925 907) |
| **Bruto wins** | **970 143** | **712 842** |
| **Aansporingskorting** | **200 000** | **227 500** |
| **Bruto wins voor aansporingskorting** | **1 170 143** | **940 342** |
| Ander inkomste | **50 540** | 129 670 |
| Bedryfsuitgawes | **(731 418)** | (680 512) |
| **Bedryfswins** | **489 265** | **389 500** |
| Beleggingsinkomste | **11 154** | 6 182 |
| Inkomste uit ekwiteitsverantwoorde beleggings | **13 673** | 6 655 |
| Finansieringskoste | **(168 032)** | (102 262) |
| **Wins voor aansporingskorting** | **346 060** | **300 075** |
| Aansporingskorting | **(200 000)** | (227 500) |
| **Wins voor belasting** | **146 060** | **72 575** |
| Belasting | **3 640** | (9 519) |
| **Wins vir die jaar** | **149 700** | **63 056** |
| | | |
| **Ander omvattende inkomste** | | |
| **Items wat nie as wins of verlies herklassifiseer sal word nie:** | | |
| Wins en verlies op herwaardasie van eiendom | **(297)** | - |
| **Items wat na wins en verlies herklassifiseer sal word:** | | |
| Effek van kontantvloei- en billike waarde skanse | **44 826** | 16 680 |
| **Ander omvattende inkomste vir die jaar netto van inkomstebelasting** | **44 529** | **16 680** |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **194 229** | **79 736** |
| | | |
| **Wins toeskryfbaar aan:** | | |
| Eienaars van die houermaatskappy | **139 452** | 59 260 |
| Niebeherende belang | **10 248** | 3 796 |
| | **149 700** | **63 056** |
| | | |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | |
| Eienaars van die houermaatskappy | **183 981** | 75 940 |
| Niebeherende belang | **10 248** | 3 796 |
| | **194 229** | **79 736** |

# Gekonsolideerde staat van kontantvloei

## VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2016

| | Groep | |
|---|---|---|
| | 2016<br>R'000 | 2015<br>R'000 |
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | | |
| Kontant (aangewend in) gegenereer deur bedrywighede | **(617 312)** | 78 259 |
| Rente-inkomste | **8 850** | 5 339 |
| Dividende ontvang | **2 304** | 843 |
| Finansieringskoste | **(167 502)** | (102 262) |
| Belasting betaal | **(9 954)** | (14 000) |
| ***Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite*** | **(783 614)** | **(31 821)** |
| **KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE** | | |
| Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting | **(307 202)** | (232 919) |
| Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **79 333** | 7 108 |
| Verkryging van ontasbare bates | **(3 318)** | (1 200) |
| Lenings aan groepmaatskappye toegestaan | **(2 844)** | - |
| Verkoop/(verkryging) van finansiële bates | **(7 486)** | 27 274 |
| Beleggings gemaak in filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes | **(9 175)** | (35 288) |
| ***Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite*** | **(250 692)** | **(235 025)** |
| **KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | | |
| Opbrengs op aandele-uitgifte | **895** | 595 |
| Aflos van skuldbriewe/aflosbare voorkeuraandele | **(29 296)** | (25 894) |
| Beweging in ander finansiële aanspreeklikhede | **308 268** | 25 174 |
| Opbrengs op aandeelhouerslening | **15 849** | - |
| Bruikhuurbetalings | **(6 090)** | 13 064 |
| Verhoging in langtermyngedeelte van handelsdebiteure | **(3 506)** | (7 586) |
| Dividende betaal | **(30 000)** | (20 000) |
| ***Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite*** | **256 120** | **(14 647)** |
| ***Totale kontantbeweging vir die jaar*** | **(778 186)** | **(281 493)** |
| Saldo aan die begin van die jaar | **(1 188 365)** | (906 872) |
| ***Totale kontant aan die einde van die jaar*** | **(1 966 551)** | **(1 188 365)** |

# Korporatiewe inligting

## VKB LANDBOU (EDMS.) BPK.

**GEREGISTREERDE ADRES**
President CR Swartstraat 31
REITZ
9810

**POSADRES**
Posbus 100
REITZ
9810

**KONTAKNOMMERS**
Telefoon: 058 863 8111
Faks: 058 863 8527

**WEBWERF**
*www.vkb.co.za*

**BANKIERS**
Standard Bank
ABSA

**OUDITEURE**
Enslins Bethlehem Ingelyf
Posbus 357
BETHLEHEM
9700

www.infoworks.biz

